Remgro
Beperk

JAARVERSLAG

2003

INHOUD

Korporatiewe struktuur	1
Hooftrekke – Finansiële resultate	2
Sewejaar gekonsolideerde finansiële oorsig	3
Ontleding van aandeelhouers	4
Direksie	6
Algemene oorsig	8
Korporatiewe bestuur	18
Diensmaatskappy	24
Diensbillikheid	24
Volhoubaarheidsverslag	25
Datums van belang vir aandeelhouers	28
Finansiële verslag 2003	31

Remgro Beperk

REGISTRASIENOMMER 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 AANDELEKODE REM

KORPORATIEWE STRUKTUUR

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy wat in sy huidige vorm op 1 April 2000 tot stand gekom het na die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep Beperk.

Filiale wat nie ten volle besit word nie, is meesal genoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op 'n nie-uitvoerende grondslag verteenwoordig word. Ander beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meesal as geassosieerde maatskappye beskou word op grond van beduidende invloed en direksieverteenwoordiging.

Die maatskappy is hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van strategiese insette eerder as op die van dag-tot-dag-bestuur van besigheidseenhede van die maatskappye waarin belê is. Die maatskappy is 'n langtermyn-belegger wat strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aangaan en hom beywer om, waar moontlik, waarde toe te voeg.

Verwys ook na die algemene oorsig vir 'n meer omvattende opsomming van die aktiwiteite van individuele beleggings.

GROEPSTRUKTUUR

OP 31 MAART 2003

REMGRO BEPERK

	GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE		*FILIAALMAATSKAPPYE*	
HANDELSMERKBELANGE	British American Tobacco**	9%		
	Distell Groep	30%		
FINANSIËLE DIENSTE	FirstRand	10%		
	RAB Beherend	23%		
	Absa Groep	9%		
	Sage Groep	16%		
MYNBELANGE	Gencor	11%		
	Trans Hex Groep	41%		
NYWERHEIDSBELANGE	Unilever Bestfoods Robertsons*	41%	Transvaal Suiker*	100%
	Henkel SA*	50%	Wispeco*	100%
	Nampak	14%	Rainbow Chicken	54%
	Total South Africa*	34%		
	Dorbyl	42%		
	Air Products SA*	50%		
KORPORATIEF EN ANDER BELANGE			Remgro Finansieringskorporasie*	100%
			Remgro Finance and Services*	100%
			Medi-Clinic Korporasie	52%

Persentasies verteenwoordig die groep se effektiewe direkte belange en is afgerond.
** Ongenoteerde maatskappye*
*** Buitelandse maatskappy (Verenigde Koninkryk)*
Bylae A en B gee meer besonderhede oor filiaalmaatskappye en beleggings.

HOOFTREKKE – FINANSIËLE RESULTATE

	2003	2002
WESENSVERDIENSTE	**R4 914 miljoen**	R4 252 miljoen
BASIESE VERDIENSTE – NETTO WINS VIR DIE JAAR	**R8 744 miljoen**	R3 507 miljoen
Aantal aandele uitgereik		
– Gewone aandele van 1 sent elk	**486 493 650**	486 493 650
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**522 000 002**	522 000 002
Aandele teruggekoop en in tesourie gehou		
– Gewone aandele van 1 sent elk	**(11 616 128)**	–
	510 383 874	522 000 002
Geweegde aantal uitgereikte aandele	**519 565 424**	522 000 002
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL	**945.8c**	814.5c
BASIESE VERDIENSTE PER AANDEEL	**1 682.9c**	671.8c
Dividende per aandeel		
– Gewoon	**248.00c**	206.00c
– Spesiaal	**–**	100.00c
Netto batewaarde per aandeel (toeskryfbaar aan eie lede)		
– teen boekwaarde	**R54.49**	R46.10
Tabakbelange	**R18.31**	R14.36
Ander beleggings	**R36.18**	R31.74
– teen intrinsieke waarde	**R76.91**	R89.50
Tabakbelange	**R38.21**	R51.12
Ander beleggings	**R38.70**	R38.38
Wisselkoerse		
Pond sterling/SA rand-wisselkoers – geweegde gemiddelde vir die jaar	**15.0678**	13.5592
– op 31 Maart	**12.4915**	16.2056
Beurspryse		
Sluitingsprys per aandeel op 31 Maart	**R51.45**	R63.00

Kontantvloei	2003 **R miljoen**	2002 R miljoen
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**3 372**	2 204
Dividende betaal – gewoon	**(1 152)**	(934)
– spesiaal	**(522)**	–
Beleggingsaktiwiteite	**(2 042)**	(235)
Finansieringsaktiwiteite	**(82)**	(158)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(426)**	877

SEWEJAAR GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE OORSIG

	2003 R miljoen	2002 R miljoen	2001 R miljoen	2000 R miljoen *Pro forma*	1999 R miljoen *Pro forma*	1998 R miljoen *Pro forma*	1997 R miljoen *Pro forma*
Omset	**11 212**	8 441	7 358	5 738	10 381	9 091	6 815
Bedryfswins	**1 262**	792	571	448	469	337	378
Finansieringskoste	**(45)**	(58)	(67)	(36)	(65)	(95)	(103)
Wins uit normale bedrywighede	**1 217**	734	504	412	404	242	275
Amortisasie van klandisiewaarde	**(166)**	(138)	–	–	–	–	–
Waardedaling van bates	**(24)**	–	–	–	–	–	–
Uitsonderlike items	**1 245**	(20)	1 523	202	(25)	(122)	307
Wins voor belasting	**2 272**	576	2 027	614	379	120	582
Belasting	**(302)**	(173)	(109)	(100)	(114)	(119)	(99)
Wins na belasting van die maatskappy en sy filiale	**1 970**	403	1 918	514	265	1	483
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye	**7 262**	3 255	4 765	1 733	2 178	1 793	1 556
Wins uit normale bedrywighede	**4 421**	3 881	2 901	2 307			
Amortisasie van klandisiewaarde	**(308)**	(276)	(159)	(33)			
Waardedaling van bates	**(63)**	–	–	–			
Uitsonderlike items	**3 212**	(350)	2 023	(541)			
Groepwins na belasting	**9 232**	3 658	6 683	2 247	2 443	1 794	2 039
Minderheidsbelang	**(488)**	(151)	(109)	(76)	(107)	(36)	(107)
Netto wins vir die jaar	**8 744**	3 507	6 574	2 171	2 336	1 758	1 932
Wesensverdienste rekonsiliasie:							
Basiese verdienste – netto wins vir die jaar	**8 744**	3 507	6 574	2 171	2 336	1 758	1 932
Plus/(minus) – gedeelte toeskryfbaar aan eie lede:							
– Amortisasie van klandisiewaarde	**473**	414	159	33	–	–	–
– Waardedaling van bates	**72**	–	–	–	–	–	–
– Uitsonderlike items	**(4 354)**	351	(3 541)	333	23	96	(273)
– Netto oorskot, na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(21)**	(35)	(6)	(29)	(20)	(2)	(2)
– Ander		15	9	–	–	–	–
Wesensverdienste	**4 914**	4 252	3 195	2 508	2 339	1 852	1 657
Totale aantal aandele uitgereik ('000)	**522 000**	522 000	522 000	522 000	522 000	522 000	522 000
Teruggekoopte aandele ('000)	**11 616**	–	–	–	–	–	–
Totale geweegde aantal aandele uitgereik ('000)	**519 565**	522 000	522 000	522 000	522 000	522 000	522 000
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**945.8**	814.5	612.1	480.5	448.1	354.8	317.4
Basiese verdienste per aandeel (sent)	**1 682.9**	671.8	1 259.4	415.9	447.5	336.8	370.1
Dividende per aandeel (sent)							
– Gewoon	**248.00**	206.00	162.00	120.00	104.35	88.37	76.84
– Spesiaal		100.00			100.00		
Netto batewaarde per aandeel (Rand) (toeskryfbaar aan eie lede)							
– teen boekwaarde	**54.49**	46.10	37.14	24.05			
– met inagname van markwaardes/ direkteurswaardasies van beleggings en filiaalmaatskappye (intrinsieke waarde)	**76.91**	89.50	64.32	51.43			

Die pro forma vergelykende syfers in die inkomstestate hierbo verteenwoordig die syfers van Rembrandt Groep Beperk nadat aanpassings gemaak is vir die beleggings wat in terme van die herstrukturering in 2000 toegedeel is aan VenFin Beperk en is op die geouditeerde Rembrandt Groep Beperk finansiële jaarstate gebaseer. Pro forma syfers vir die balansstate van daardie jare is nie beskikbaar nie.

Die 2000 tot 2003 syfers ten opsigte van uitsonderlike items is nie vergelykbaar met dié van die vorige jare nie. Uitsonderlike items word nou voor belasting getoon terwyl dit voorheen as 'n na-belaste syfer gerapporteer is.

ONTLEDING VAN AANDEELHOUERS

OP 31 MAART 2003

	Aantal aandeel-houers	% van aandeel-houers	Aantal aandele	% van aandele uitgereik
VERSPREIDING VAN AANDEELHOUERS				
Gewone aandele				
Publieke aandeelhouers	25 659	99.89	483 425 532	99.37
Nie-publieke aandeelhouers				
Direkteure en hulle verwantes	28	0.11	3 068 118	0.63
	25 687	100.00	486 493 650	100.00

	%	Aantal aandele
VERNAAMSTE VOORDELIGE AANDEELHOUERS		
Gewone aandele		
Public Investment Commissioner	12.46	60 606 914
Old Mutual Life Assurance Company SA	10.14	49 353 063
Ander	77.40	376 533 673
	100.00	486 493 650
B-gewone aandele		
Rembrandt Trust (Edms) Beperk	100.00	35 506 352
Totaal		522 000 002

Geen ander aandeelhouer het op 31 Maart 2003 'n voordelige belang van meer as 5% in die gewone aandele van u maatskappy gehou nie.

JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika	**2003**	2002	2001
Markkapitalisasie op 31 Maart (R miljoen)			
– Alleenlik gewone aandele	**25 030**	30 649	22 865
Prys (sent per aandeel)			
– 31 Maart	**5 145**	6 300	4 700
– Hoogste	**7 399**	6 650	5 550
– Laagste	**5 145**	4 780	3 850
Aantal aandele verhandel ('000)	**218 938**	203 231	78 267

ADDISIONELE INLIGTING (2003)

INSTITUSIONELE EN PRIVAAT AANDEELHOUDINGS IN REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE



BUITELANDSE EN PLAASLIKE AANDEELHOUDINGS IN REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE



Belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy
Gewone aandele

	Direk		Indirek		
	Voordelig	Nie-voordelig	Voordelig	Nie-voordelig	Totaal
31 Maart 2003					
P E Beyers	**34 024**	**–**	**7 000**	**–**	**41 024**
W E Bührmann	**37 527**	**–**	**–**	**–**	**37 527**
G D de Jager	**1 740**	**–**	**28 300**	**–**	**30 040**
J W Dreyer	**8 996**	**–**	**–**	**–**	**8 996**
D M Falck	**200**	**–**	**18 133**	**–**	**18 333**
P K Harris	**–**	**–**	**57 118**	**–**	**57 118**
E de la H Hertzog	**228 245**	**–**	**1 499 885**	**4 484**	**1 732 614**
E Molobi	**174**	**–**	**–**	**–**	**174**
J F Mouton	**–**	**–**	**20 000**	**–**	**20 000**
J A Preller	**26 141**	**–**	**–**	**–**	**26 141**
J P Rupert	**–**	**–**	**270 001**	**–**	**270 001**
P G Steyn	**51 474**	**–**	**635 596**	**–**	**687 070**
T van Wyk	**42 996**	**–**	**5 000**	**–**	**47 996**
M H Visser	**2 888**	**–**	**88 196**	**–**	**91 084**
	434 405	**–**	**2 629 229**	**4 484**	**3 068 118**
31 Maart 2002					
P E Beyers	–	–	49 024	–	49 024
W E Bührmann	26 745	–	10 782	–	37 527
G D de Jager	1 740	–	–	–	1 740
J W Dreyer	4 298	–	3 698	–	7 996
P J Erasmus	38 730	–	–	–	38 730
D M Falck	200	–	18 133	–	18 333
P K Harris	–	–	57 118	–	57 118
E de la H Hertzog	202 383	–	1 525 747	4 484	1 732 614
E Molobi	174	–	–	–	174
J F Mouton	–	–	20 000	–	20 000
J A Preller	18 280	–	7 861	–	26 141
J P Rupert	–	–	270 001	–	270 001
P G Steyn	51 474	–	635 596	–	687 070
T van Wyk	29 992	–	18 004	–	47 996
M H Visser	2 888	–	88 196	–	91 084
	376 904	–	2 704 160	4 484	3 085 548

B-gewone aandele
Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust (Edms) Beperk wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

Sedert die einde van die finansiële jaar tot datum van hierdie verslag het die belange van die direkteure onveranderd gebly.

DIREKSIE

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

J P Rupert (53) ‡
Voorsitter

Teenwoordig
3 uit 5 direksievergaderings
2 uit 3 vergoedingskomiteevergaderings

Direkteurskappe
Voorsitter van Compagnie Financière Richemont SA, VenFin Beperk en Business Partners Beperk. Lid van die Internasionale Adviesraad van DaimlerChrysler.

P E Beyers (53)
Sakeman

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings

Direkteurskappe
Distell Groep Beperk, Richemont Société Anonyme en VenFin Beperk.

G D de Jager (52) Δ
Sakeman

Teenwoordig
4 uit 5 direksievergaderings

Direkteurskappe
Lenco Corporate Finance (Edms) Beperk.

J W Dreyer (52)
Sakeman

Teenwoordig
4 uit 5 direksievergaderings

Direkteurskappe
Avis Southern Africa Beperk, RAB Beherend Beperk en VenFin Beperk.

P K Harris (53) ‡ Δ
Sakeman

Teenwoordig
3 uit 5 direksievergaderings
1 uit 3 vergoedingskomiteevergaderings

Direkteurskappe
Hoofuitvoerende beampte van FirstRand Bank Groep.

E de la H Hertzog (53)
Sakeman

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings

Direkteurskappe
Voorsitter van Medi-Clinic Korporasie Beperk. Dien in die direksies van Distell Groep Beperk, Total South Africa (Edms) Beperk en Trans Hex Groep Beperk.

E Molobi (58) Δ
Sakeman

Teenwoordig
1 uit 5 direksievergaderings

Direkteurskappe
Voorsitter van Kagiso Trust Investment Company (Edms) Beperk.

J F Mouton (56) * ‡ Δ
Sakeman

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
3 uit 4 ouditkomiteevergaderings
3 uit 3 vergoedingskomiteevergaderings

Direkteurskappe
Voorsitter van PSG Groep Beperk, Capitec Bank Beperk en ander maatskappye in die PSG groep en direkteur van Steinhoff International Beperk.

F Robertson (48) * ‡ Δ
Sakeman

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
4 uit 4 ouditkomiteevergaderings
3 uit 3 vergoedingskomiteevergaderings

Direkteurskappe
Voorsitter van Lion of Africa Insurance Company Beperk en Lion of Africa Life Assurance Company Beperk en uitvoerende ondervoorsitter van Brimstone Investments Corporation Beperk en direkteur van Suid-Afrikaanse Toerisme.

P G Steyn (69) * Δ
Sakeman

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
4 uit 4 ouditkomiteevergaderings

UITVOERENDE DIREKTEURE

M H Visser (49)
Ondervoorsitter en Hoofuitvoerende beampte

Kwalifikasie: BComm (Hons), GR(SA)
Diensjare by die groep: 23

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
6 uit 6 uitvoerende komiteevergaderings

Direkteurskappe
British American Tobacco Plc, Distell Groep Beperk, Nampak Beperk, Unilever Bestfoods (Robertsons) Holdings LLC en voorsitter van Rainbow Chicken Beperk.

W E Bührmann (48)
Beleggings

Kwalifikasie: BComm, GR(SA)
Diensjare by die groep: 16

Teenwoordig
4 uit 5 direksievergaderings
5 uit 6 uitvoerende komiteevergaderings

Direkteurskappe
Air Products SA (Edms) Beperk, Dorbyl Beperk, Gencor Beperk, Medi-Clinic Korporasie Beperk, Rainbow Chicken Beperk, Transvaal Suiker Beperk, Trans Hex Groep Beperk en Wispeco Holdings Beperk.

D M Falck (57) # *
Groepfinansies

Kwalifikasie: GR(SA)
Diensjare by die groep: 31

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
5 uit 6 uitvoerende komiteevergaderings
4 uit 4 ouditkomiteevergaderings

Direkteurskappe
RAB Beherend Beperk, FirstRand Beperk, FirstRand Bank Beperk en Total South Africa (Edms) Beperk.

J A Preller (mev) (53)
Korporatiewe sake

Kwalifikasie: BEcon
Diensjare by die groep: 31

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
6 uit 6 uitvoerende komiteevergaderings

T van Wyk (55)
Beleggings

Kwalifikasie: BComm, LLB, LLM, H Dip Tax
Diensjare by die groep: 13

Teenwoordig
5 uit 5 direksievergaderings
6 uit 6 uitvoerende komiteevergaderings

Direkteurskappe
Absa Groep Beperk, Air Products SA (Edms) Beperk, Dorbyl Beperk, Sage Groep Beperk en Wispeco Holdings Beperk.

Lid van die **uitvoerende komitee**
* Lid van die **oudit-en-risikokomitee**
‡ Lid van die **vergoedings-en-nominasiekomitee**
Δ Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur

ALGEMENE OORSIG

Wesensverdienste per aandeel het met 16.1% van 814.5c tot 945.8c toegeneem

Wesensverdienste

Wesensverdienste vir die jaar tot 31 Maart 2003 het met 15.6% van R4 252 miljoen tot R4 914 miljoen toegeneem.

Wesensverdienste per aandeel het egter met 16.1% van 814.5c tot 945.8c toegeneem, wat die gunstige uitwerking van die aandeelterugkoopprogram weerspieël.

Gedurende die jaar onder oorsig het 'n volfiliaal 11.6 miljoen gewone aandele in Remgro in die ope mark bekom, wat 2.4% van die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy verteenwoordig. Die koopprys het R704 miljoen bedra teen 'n gemiddelde van R60.64 per gewone aandeel. Die aandele is nie gekanselleer nie en word as tesourie-aandele gehou.

In die verlede het ons dikwels daarop gewys dat wisselkoersbewegings 'n beduidende invloed op die groep se verdienste mag hê. In besonder bedra British American Tobacco Plc (BAT) se winsbydrae in Sterling, omgeskakel na Suid-Afrikaanse rand, byna 50% van Remgro se totale wesensverdienste.

Die gunstige wisselkoerseffek met die omskakeling van BAT se bydrae tot wesensverdienste, soos uiteengesit in die onderstaande tabel, het verminder van R427 miljoen in 2002 tot R243 miljoen vir die jaar onder oorsig.

Finansiële jaar:	**2003**	2002
Gemiddelde wisselkoers (£/R)	**15.0678**	13.5592
Sluitingswisselkoers teen jaareinde (£/R)	**12.4915**	16.2056
BAT se bydrae (£m)	**161**	154
BAT se bydrae (Rm)	**2 423**	2 088
Gunstige wisselkoerseffek (Rm)	**243**	427

Daar dien op gelet te word dat BAT se winsbydrae teen gemiddelde wisselkoerse omgeskakel word. Indien die gemiddelde vir die jaar tot 31 Maart 2004 gelyk sou wees aan die huidige £/R-sigkoers, wat laer is (d.w.s. sterker rand) in vergelyking met die gemiddelde koers vir die afgelope jaar, sal dit 'n ongunstige wisselkoerseffek in die nuwe finansiële jaar tot gevolg hê.

Basiese verdienste

Basiese verdienste per aandeel het aansienlik met 151% tot 1 682.9 sent toegeneem. Basiese verdienste weerspieël verdienste na amortisasie van klandisiewaarde en insluiting van nie-herhalende uitsonderlike items. In die huidige jaar het toeskryfbare na-belaste uitsonderlike items R4 293 miljoen bedra. Dit het onder andere die volgende uitsonderlike winste ingesluit:

- R310 miljoen ten opsigte van die verkoop van die belang in Malbak Beperk in ruil vir aandele in Nampak Beperk.
- R408 miljoen wat verband hou met die herstrukturering van die Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming, wat gelei het tot 'n gewysigde belang in die vergrote Unilever Bestfoods Robertsons onderneming.
- R270 miljoen ten opsigte van die verkoop van die Robertsons Homecare-belange.
- R3 204 miljoen ten opsigte van die herwaardasiewins wat spruit uit R&R Holdings se belang in BAT-voorkeuraandele na die uitreik van verhandelbare koopopsies op dié voorkeuraandele.

Kontantverdienste

Toeskryfbare kontantverdienste (wat die groep se belang in die netto inkomste deur geassosieerde maatskappye behou, uitsluit), voor uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het met 41.6% toegeneem van R1 986 miljoen tot R2 813 miljoen, of 541.4 sent per aandeel, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in dividende wat van geassosieerde maatskappye ontvang is. Laasgenoemde het R2 203 miljoen bedra, vergeleke met R1 508 miljoen in 2001/2002, hoofsaaklik as gevolg van hoër dividende vanaf R&R Holdings, FirstRand Beperk en RAB Beherend Beperk.

Die balansstaat weerspieël kontant en kontantekwivalente van R2 286 miljoen op 31 Maart 2003. Hiervan is R647 miljoen toeskryfbaar aan Rainbow Chicken, Transvaal Suiker en Medi-Clinic Korporasie. Kontant by die kern het R1 639 miljoen bedra.

DIVIDENDE

Gewone dividende van 248 sent per aandeel is vir die jaar verklaar, vergeleke met 206 sent die vorige jaar. Dit verteenwoordig 'n toename van 20.4%. Die dividende is 3.8 keer deur wesensverdienste gedek en 2.2 keer deur kontantverdienste, teenoor 4.0 keer en 1.8 keer onderskeidelik die vorige jaar.

NETTO BATEWAARDE

In die verlede het ons die onderliggende of "intrinsieke" netto batewaarde van die groep teen jaareinde aangedui, wat verskil van die boekwaarde van netto bates in die balansstaat. Sodanige waardasie sluit alle beleggings, insluitende filiaal- en geassosieerde maatskappye, in teen óf genoteerde markwaarde óf, soos in die geval van ongenoteerde beleggings, teen direkteurswaardasie. Die netto bates van volfiliaal nie-beleggingsmaatskappye, wat hoofsaaklik uit monetêre items bestaan, word teen boekwaarde ingesluit.

Die intrinsieke netto batewaarde het aan die einde van Maart 2003 R76.91 per aandeel bedra, vergeleke met R89.50 en R64.32 per aandeel op 31 Maart 2002 en 2001 onderskeidelik. 'n Skedule wat die berekening van intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2003 uiteensit, is aan die einde van hierdie oorsig ingesluit.

Die onderstaande tabel gee 'n vergelyking van die relatiewe vertoning van Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel teenoor sekere gekose JSE-indekse.

Dividende wat op Remgro-aandele betaal is, is nie in aanmerking geneem nie.

	2003	2002	2001
Remgro intrinsieke netto batewaarde – Rand per aandeel	**76.91**	89.50	64.32
JSE – Alle aandele-indeks	**7 680**	11 015	8 094
– Fin & Ind 30-indeks	**6 682**	9 713	9 464
– Finansiële 15-indeks	**2 744**	3 415	3 758

Relatiewe vertoning	**1 jaar tot 31 Maart 2003 % jaar-op-jaar**	2 jaar tot 31 Maart 2003 % saamgestel p.j.
Remgro intrinsieke netto batewaarde	**– 14.1**	+ 9.3
JSE – Alle aandele-indeks	**– 30.3**	– 2.6
– Fin & Ind 30-indeks	**– 31.2**	– 16.0
– Finansiële 15-indeks	**– 19.6**	– 14.5

HANDELSMERKBELANGE

Bydrae tot wesensverdienste:

- R2 498 miljoen (2002: R2 167 miljoen)
  - Styging 15.3%

Persentasie van wesensverdienste:

- 51% (2002: 51%)

TABAK

R&R HOLDINGS: Effektiewe belang 33$^{1}/_{3}$% (2002: 33$^{1}/_{3}$%)

Remgro se tabakbelange word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière Richemont SA (Richemont) gehou.

In Januarie 2003 het R&R versekerde verhandelbare koopopsies uitgereik wat in 2004 uitoefenbaar is vir gewone aandele in BAT. Hierdie transaksie het effektief die waarde vasgemaak van die 120.9 miljoen omskepbare aflosbare voorkeuraandele wat R&R in BAT hou en wat hy verplig was om óf te verkoop óf vir aflossing aan te bied in Junie 2004 teen die aflosprys van 675 pennies per aandeel. Saam met die bruto koopopsie-premie van 34.29 pennies per aandeel wat in Januarie 2003 ontvang is, beloop die ingeslote waarde 709.29 pennies per aandeel, voor kostes. R&R hou ook 604.3 miljoen gewone aandele in BAT.

As gevolg van die uitreiking van die koopopsies word die voorkeuraandele nou as 'n skuldinstrument in die gekonsolideerde state van R&R verantwoord en word dit nie langer geëkwiteer nie. Vir die nege maande geëindig 31 Desember 2002, was R&R se effektiewe belang in BAT, sover dit beide gewone en voorkeuraandele betref, 31.5%. Vir die drie maande geëindig 31 Maart 2003 het R&R sy 27.9%-belang in die BAT-gewone aandele volgens die ekwiteitsmetode verantwoord en, sover dit die voorkeuraandele betref, die beweging in die huidige waarde van die aandele as beleggingsinkomste verantwoord. Hierdie beweging in netto huidige waarde het eweneens effektief vir BAT 'n beleggingsuitgawe in rekeningkundige terme geword en daarom het R&R, vir doeleindes van die ekwitering van die belang in die gewone aandele, BAT se toeskryfbare inkomste vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2003 dienooreenkomstig verminder.

Terwyl R&R IAS 39 (Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting) in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde toegepas het, was die Suid-Afrikaanse

ALGEMENE OORSIG

ekwivalent, RE 133, nog nie op Remgro van toepassing in die jaar onder oorsig nie. Dit het Remgro genoodsaak om die nodige veranderinge aan R&R se gerapporteerde resultate aan te bring vir die verskil in rekeningkundige beleid. Indien R&R nie IAS 39 toegepas het nie, sou die omskeppingsregte, soos vervat in die voorkeuraandele, nie waardeer gewees het nie en sou hierdie omskeppingsregte, wat deur die koopopsie-premie verteenwoordig word, as inkomste verantwoord gewees het, hetsy proporsioneel oor die oorblywende termyn van die voorkeuraandele, of as enkelbedrag by die aflossing daarvan in Junie 2004. Die netto koopopsie-premie ten bedrae van £30 miljoen is gevolglik uitgestel in die berekening van Remgro se deel van R&R se resultate vir die jaar tot 31 Maart 2003. Met RE 133 wat op 1 April 2003 op Remgro van toepassing raak, sal die uitgestelde inkomste in die 2004 finansiële jaar by geëkwiteerde inkomste ingesluit word.

As gevolg van die realisering van die waarde van die voorkeuraandele en die herklassifikasie daarvan, het R&R gedurende die jaar onder oorsig 'n uitsonderlike wins gerapporteer. Remgro se deel hiervan het R3 204.4 miljoen beloop.

Na die uitskakeling van uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, asook die nodige veranderinge waarna hierbo verwys is, is R&R se bydrae tot Remgro se wesensverdienste saamgestel soos hier langsaan aangetoon.

Gedurende die jaar tot 31 Desember 2002 het BAT versendings van 777 miljard sigarette gehad, wat op 'n wêreldmarkaandeel van 14.6% neerkom. Die maatskappy beklee 'n stewige posisie in alle wêreldstreke wat, saam met die uitgebreide portefeulje van internasionale, streeks- en plaaslike handelsmerke, die platform skep vir die bereiking van wêreldleierskap in die tabakbesigheid. Groei in inkomste word verkry deur voortdurend te fokus op 'n verhoging van markaandeel in die kernsegmente van verbruikersgroei, naamlik internasionale en hoëprys-handelsmerke.

Vir BAT was die mees bemoedigende aspek van die jaar se resultate die indrukwekkende groei wat sy voorste wêreldhandelsmerke behaal het. Dunhill, Kent, Lucky Strike en Pall Mall het gesamentlik met 8% gegroei. Dunhill het besonder goed gepresteer, met verkope wat vir die eerste keer 30 miljard sigarette oorskry het. Hoewel Lucky Strike se omset in 2002 gedaal het as gevolg van die beplande vermindering in doeanevry-verkope, behoort die handelsmerk sy groeitendens in 2003 te hervat, terwyl Dunhill, Kent en Pall Mall hul vordering behoort te handhaaf.

	2003 £ miljoen	2002 £ miljoen
Toeskryfbare inkomste soos gerapporteer deur BAT vir die jaar geëindig 31 Desember 2002	**1 152**	1 010
Min: toeskryfbare inkomste soos gerapporteer deur BAT vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2002 (2002: tot 31 Maart 2001)	**(229)**	(226)
Plus: toeskryfbare inkomste soos gerapporteer deur BAT vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2003 (2002: tot 31 Maart 2002)	**235**	229
Aansuiwerings:		
– om die amortisasie van klandisiewaarde uit te skakel	**380**	390
– om uitsonderlike items deur BAT gerapporteer, uit te skakel	**–**	53
	1 538	1 456
– beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**(10)**	–
Aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die twaalf maande geëindig 31 Maart	**1 528**	1 456
R&R se 31.5% deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die twaalf maande tot 31 Maart 2002	**–**	459
R&R se 31.5% deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die periode 1 April 2002 tot 31 Desember 2002	**380**	–
R&R se 27.9% deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die periode 1 Januarie 2003 tot 31 Maart 2003	**89**	–
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**10**	–
R&R se ander inkomste	**3**	3
R&R se wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart	**482**	462
Remgro se 33$^{1}/_{3}$%-belang daarin	**161**	154
	R miljoen	R miljoen
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 15.0678 (2002: 13.5592)	**2 423**	2 088

Sover dit BAT se streke betref, was die bedryfsinkomste in die Amerika-Pasifiese streek in ooreenstemming met die vorige jaar, wat 'n weerspieëling is van die goeie vertoning deur alle markte in daardie streek, maar dit is nadelig beïnvloed deur wisselkoersveranderinge. Asië-Stille Oseaangebied, saam met die Afrika- en Midde-Oostegebied, het swaar gekry weens die beplande vermindering in doeanevry-verkope en winste het onderskeidelik met £46 miljoen en £50 miljoen gedaal. Latyns-Amerika het, ondanks die moeilike omstandighede en politieke onsekerheid in baie lande, goed presteer en winste was slegs £35 miljoen laer, wat 'n aanduiding gee van die laer volumes en betekenisvolle verswakking van die streek se geldeenhede teen Sterling. Europa se bedryfswins was £42 miljoen hoër as gevolg van stewige vertonings in Rusland, Oekraïne, Pole, Hongarye, Frankryk en Switserland, ondanks die aansienlike verlies aan wins as gevolg van die ontbinding van die VK-vennootskap, die prysoorlog in Roemenië en verhogings in aksynsbelasting in Duitsland.

In die jaar tot 31 Desember 2002 het BAT se aangesuiwerde verdienste per aandeel, wat waarskynlik die beste maatstaf van die maatskappy se onderliggende vertoning is, met 8% gegroei as gevolg van laer netto rente-uitgawes, 'n verbeterde belastingposisie en laer minderheidskostes. Hierdie resultate is behaal ondanks 'n daling van 3% in bedryfswinste as gevolg van die uitwerking van swak geldeenhede en die beplande vermindering in doeanevry-verkope. Teen vergelykbare wisselkoerse het die bedryfswinste egter met 3% toegeneem.

Wyn en Spiritualieë

DISTELL: Effektiewe belang 30.0% (2002: 30.0%)

Distell Groep Beperk (Distell) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R76 miljoen in vergelyking met R79 miljoen in die vorige jaar. Hierdie het betrekking op Distell se twee agtereenvolgende ses maande periodes geëindig 31 Desember 2002.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2002 het die meeste van Distell se belangrike handelsmerke volumegroei behaal. Internasionale omset het met 30.7% toegeneem en het 21.6% van totale omset verteenwoordig. Distell se bedryfswins het wesentlik met 52.3% toegeneem, hoofsaaklik deur 'n toename in omset, 'n gunstige verkoopsmengsel en verbeterde produksie doeltreffendheid. Die verhoging in die bedryfswins is egter teengewerk deur die ongunstige invloed van die versterking in die waarde van die rand teen die einde van 2002.

Die Mededingingstribunaal het op 18 Junie 2003 die samesmelting van Stellenbosch-Boerewynmakery Groep Beperk en Distillers Korporasie (SA) Beperk finaal goedgekeur, op voorwaarde dat Distell afstand doen van twee van sy handelsmerke in die Suid-Afrikaanse spiritusmark, naamlik die Martell- en KWV-handelsmerke.

FINANSIËLE DIENSTE

Bydrae tot wesensverdienste:

- R1 121 miljoen (2002: R958 miljoen)
  - Styging 17.0%

Persentasie van wesensverdienste:

- 23% (2002: 23%)

FIRSTRAND en RABB

Aangesien beide FirstRand Beperk (FirstRand) en RAB Beherend Beperk (RABB) Junie-jaareindes het, is hulle resultate vir die twaalf maande tot 31 Desember 2002 in Remgro se jaar onder oorsig geëkwiteer.

Vanweë die sterkte van die rand het FirstRand vir die twaalf maande tot 31 Desember 2002 'n uitsonderlike valuta-omskakelingsverlies van R528 miljoen (2001: R650 miljoen wins) gerapporteer. Remgro se deel van dié valuta-omskakelingsverlies was R90 miljoen (2002: R110 miljoen wins) – R50 miljoen deur sy direkte belang in FirstRand, en R40 miljoen indirek deur sy belang in RABB.

FIRSTRAND: Effektiewe direkte belang 9.6% (2002: 9.3%)

FirstRand se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R424 miljoen (2002: R437 miljoen). Dit sluit uit die indirekte bydrae van FirstRand deur Remgro se belang in RABB.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2002 het FirstRand se wesensverdienste met 19.3% tot R2 223 miljoen (2001: R2 754 miljoen) gedaal. FirstRand se kernbedryfswesens-verdienste, voor inagname van die uitsonderlike valuta-omskakelingsverlies waarna hierbo verwys is, het met 26.7% tot R2 585 miljoen toegeneem.

Gedurende dié periode het FirstRand se Kleinhandelsbank-afdeling groei van 26% getoon teenoor die ooreenstemmende periode. Die toename is te danke aan skaalvoordele wat behaal is as gevolg van organiese groei asook groei voortspruitend uit die verkryging van die verbandleningsboeke van BoE Beperk en Saambou Bank Beperk gedurende die eerste helfte van 2002.

ALGEMENE OORSIG

RABB: Effektiewe belang 23.1% (2002: 23.1%)

RABB se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R371 miljoen (2002: R384 miljoen). Vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2002 was 90.7% (2001: 92.3%) van RABB se wesensverdienste afkomstig van FirstRand terwyl 9.3% (2001: 7.7%) deur RABB se ander belange bygedra is.

RABB se ander belange sluit in RAB Structured Insurance Beperk, OUTsurance Beperk (OUTsurance), Glenrand M.I.B Beperk en Global Resorts (SA) (Edms) Beperk (GRSA). OUTsurance het 'n buitengewone ses maande tot Desember 2002 beleef en rekord verkoopsvolumes en -winsgewendheid is behaal.

Op 22 Mei 2003 is aangekondig dat die voorgestelde transaksie waardeur RABB sy 48.4% belang in GRSA aan 'n konsortium, ondersteun deur Mettalon Korporasie Beperk, sou verkoop, beëindig is vanweë die feit dat sekere opskortende voorwaardes nie binne die gekontrakteerde tydperke nagekom is nie.

ABSA: Effektiewe belang 9.4% (2002: 9.4%)

Absa Groep Beperk (Absa) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R324 miljoen (2002: R179 miljoen).

Absa se wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart 2003 het met 82.3% tot R3 441 miljoen gestyg. Dié sterk toename spruit uit die lae verdienstebasis wat die vorige jaar ontstaan het weens verliese wat deur sy mikroleningsfiliaal, Unifer Beherend Beperk (Unifer), gely is. Uitgesluit die impak van Unifer, het Absa se wesensverdienste met 19.8% gestyg. Die kommersiële banksegment het goeie voorskottegroei van 11.9% getoon. Hierdie prestasie was hoofsaaklik te danke aan die toename in Bankfin se voorskotte. Binnelandse groothandelvoorskotte het met 1.7% gestyg.

SAGE: Effektiewe belang 16.2% (2002: 16.3%)

Effektief 31 Desember 2002 het Sage Groep Beperk (Sage) sy finansiële jaareinde vanaf Maart na Desember verander. Vir die nege maande geëindig 31 Desember 2002 het Sage 'n wesensverlies, gebaseer op AARP, ten bedrae van R48 miljoen gerapporteer (twaalf maande geëindig 31 Maart 2002: R251 miljoen). Weens die feit dat Remgro se deel van Sage se opgehoopte verliese sy drawaarde oorskry, het Remgro nie sy deel van Sage se resultate vir die nege maande geëindig 31 Desember 2002 verantwoord nie. In 2001/2002 was Remgro se deel van Sage se wesensverlies R42 miljoen.

Op 9 April 2003 het Sage aangekondig dat hy beoog om addisionele kapitaal ten bedrae van R350 miljoen te bekom. Dit sal gedoen word deur 'n uitgifte aan 'n konsortium van beleggers, verteenwoordig deur, en wat insluit, AVASA Holdings Beperk, sowel as 'n regte-uitgifte aan alle aandeelhouers van Sage.

Remgro se maksimum blootstelling ingevolge die onderskrywingsooreenkoms beloop R92.5 miljoen.

NYWERHEIDSBELANGE

Bydrae tot wesensverdienste:

- R696 miljoen (2002: R570 miljoen)
  - Styging 22.1%

Persentasie van wesensverdienste:

- 14% (2002: 13%)

Die reëlingskemas waarvolgens Industrial Partnership Investments Beperk (IPI), 'n volfiliaal van Remgro, al die gewone en voorkeuraandele wat hy nie in Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk (HL&H) besit het nie, verkry het, is op 22 Oktober 2002 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika bekragtig. Die totale koopprys was R985.6 miljoen.

Daar is gedurende September 2001 aangekondig dat Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk (Robertsons) en Unilever Plc (Unilever) 'n beginselooreenkoms gesluit het ingevolge waarvan beide beoog het om hulle belange in die bestaande gesamentlike onderneming tussen Robertsons en Bestfoods Europa te herstruktureer. Dit was 'n regstreekse gevolg van Unilever se verkryging van Bestfoods se wêreldwye belange.

Met ingang van 1 April 2002 het die nuwe Unilever Bestfoods Robertsons (UBR) onderneming, waarin Robertsons 41% hou, tot stand gekom. Vanaf dié datum word die belang in UBR geëkwiteer. In die verlede is die belang in die vorige Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming proporsioneel gekonsolideer.

UNILEVER BESTFOODS ROBERTSONS:

Effektiewe belang 41.0% (2002: 0%)

Die UBR-onderneming bedien die gebiede van Suider-Afrika en Israel en vervaardig en bemark 'n wye reeks voedselprodukte. Dit geniet markleierskap in die meeste van sy hoofkategorieë. Die hoofdoel van die nuwe onderneming is om bo-gemiddelde groei te behaal en deur sinergieë, omvang van produksie en die beste benutting van hulpbronne sover dit voorste handelsmerke, mense, ondervinding en innoverende vermoë betref, waarde toe te voeg.

Bekende internasionale en plaaslike handelsmerke in Suid-Afrika sluit die volgende in: *Robertsons* se kruie en speserye, *Knorr*-soppe, *Aromat*-smaakmiddels, *Skippy*-, *Bovril*- en *Marmite*-broodsmere, *Rama*- en *Flora*-margarien, *Melrose*-kaas, *Lipton*- en *Joko*-tee en *Mrs Ball's* se kookprodukte.

Ondanks moeilike ekonomiese omstandighede in verskeie van die onderneming se bedryfsgebiede is goeie vordering in die eerste jaar gemaak. In Israel het handelstoestande algaande moeiliker geraak weens die toename in politieke onrus in die land en 'n geleidelike daling in die ekonomie. Die Israeliese bedryf het gedeeltelik hiervoor vergoed deur goeie groei in kleinhandelsverkope te behaal.

UBR se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R54 miljoen. Die bydrae van die vorige Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming in 2001/2002 het R91 miljoen beloop. Hierdie resultate is egter nie direk vergelykbaar nie aangesien UBR buitengewone herstruktureringskoste teen sy wesensverdienste verantwoord het in die jaar onder oorsig. As hierdie uitsonderlike items buite rekening gelaat sou gewees het, sou UBR se bydrae tot Remgro se wesensverdienste R106 miljoen beloop het.

TSB: Effektiewe belang 100% (2002: 72.4%)

Transvaal Suiker Beperk (TSB) is hoofsaaklik betrokke by die suikerrietbedryf en die produksie, vervoer en bemarking van geraffineerde en bruinsuiker, asook veevoere. Sitrus en tee word ook op die plase van die maatskappy verbou.

Die belangrikste bedryfsgebied is die Nkomazi-streek in die Mpumalanga-laeveld. Suikerproduksie vind naby Malelane en Komatipoort plaas, terwyl sitrus op TSB se plase in dieselfde omgewing voorkom.

Geraffineerde en bruinsuikerprodukte word onder die Selati-handelsmerk verkoop, terwyl sitrus oorsee onder die Komati Fruits-handelsmerk bemark word. Sowat 48% van die suikerproduksie word uitgevoer. Ander produkte sluit Molatek-veevoer en Senteeko-swarttee in, wat op die plaaslike mark verkoop word.

Die suikerbedryf se produksie het in 2002/2003 met 15.3% tot 2.75 miljoen ton gestyg, terwyl TSB se suikerproduksie in dieselfde tydperk met 14.6% toegeneem het. Suikerrietproduksie op TSB se eie plase het 0.85 miljoen ton beloop, die beste nog, en vergelyk met 0.76 miljoen ton die vorige jaar.

Die sitrusbedryf het voordeel getrek uit 'n aggressiewe bemarkingspoging, die terugkeer van uitvoerpryse tot normale vlakke en die normalisering van die uitvoermark. Altesame 36.2 duisend ton lemoene en pomelo's is uitgevoer teenoor 28.5 duisend ton die vorige jaar.

TSB het rekordresultate, met 'n wesensverdienste van R105.7 miljoen (2002: R72.4 miljoen), in die boekjaar behaal.

Bedryfswins het 'n verbetering van R25.6 miljoen, of 15.6%, getoon. Dit was hoofsaaklik te danke aan noulettende bestuursaandag aan verbeteringe in produktiwiteit en die beperking van kostes, asook uitstekende klimaatstoestande wat 'n rekordsuikeroes tot gevolg gehad het.

Ondanks sterk kompetisie in die plaaslike mark kon TSB daarin slaag om sy markaandeel te behou. TSB se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R94 miljoen (2002: R55 miljoen) bedra.

RAINBOW: Effektiewe belang 54.5% (2002: 55.7%)

Rainbow Chicken Beperk (Rainbow) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het gestyg vanaf R86 miljoen in die vorige jaar tot R152 miljoen in die jaar onder oorsig.

Rainbow se wesensverdienste het met 77.9% van R154.7 miljoen tot R275.2 miljoen gegroei op omset wat, insluitende die effek van volume- en mengselverbeterings in die voermeul-, broei- en braaikuikenbedryf, met 23.8% van R3.0 miljard tot R3.8 miljard toegeneem het. Die wesentlike toename in omset was hoofsaaklik toe te skryf aan die verhaling van hoër voergrondstof-insetkoste in verkoopprys.

Rainbow rapporteer dat sy optimaliseringstrategie, alhoewel in sy beginstadium, volgens plan verloop en dat voordele reeds begin realiseer in terme van beide koste-effektiwiteit en beter realisasies as gevolg van 'n vergrote produkmengsel.

ALGEMENE OORSIG

AIR PRODUCTS: Effektiewe belang 50% (2002: 50%)

Air Products South Africa (Eiendoms) Beperk (Air Products) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R44 miljoen in vergelyking met R42 miljoen in die vorige jaar.

Air Products het in die jaar onder oorsig volgehoue sterk groei in alle marksegmente ervaar nadat verskeie groot kapitaalprojekte die vorige jaar in bedryf gestel is.

DORBYL: Effektiewe belang 42.4% (2002: 42.6%)

Dorbyl Beperk (Dorbyl) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R41 miljoen (2002: R47 miljoen). Dié bydrae sluit nie die spesiale dividende ten bedrae van R141 miljoen wat deur Dorbyl verklaar is as gevolg van sy vervreemdingsprogram soos hieronder uiteengesit, in nie.

Gedurende die jaar het Dorbyl sy kernfokus vernou en dit het meegebring dat verskeie bedrywighede verkoop is. Dorbyl se belang in die onderdele-verspreider, Midas Beperk, is met ingang van 1 Junie 2002 aan 'n bestuurskonsortium verkoop, terwyl Dorbyl Engineering met ingang van Augustus/September 2002 aan 'n bestuurskonsortium, met 'n swart bemagtigingsvennoot aan boord, verkoop is.

Vanweë die wesentlike vervreemdings waarna hierbo verwys is, het Dorbyl se omset vir die jaar geëindig 31 Maart 2003 met 34% afgeneem tot R2.9 miljard, terwyl bedryfswins met 15% gedaal het tot R143.8 miljoen. Die voortgesette bedrywighede het egter aansienlik hoër bedryfswinste vir die jaar gerapporteer in vergelyking met dié van die vorige jaar.

Sedert 31 Maart 2003 het Dorbyl sy plaaslike Global Roofing Solutions-afdeling verkoop.

TOTAL SOUTH AFRICA: Effektiewe belang 34.4% (2002: 34.4%)

Total South Africa (Eiendoms) Beperk se finansiële posisie het gesond gebly in die 2002-boekjaar en sy aandeel in die kleinhandelsmark het steeds gegroei. Sy bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R95 miljoen (2002: R92 miljoen).

Op 30 April 2003 het 'n nuwe ekonomiese bemagtigingsgroep, Tosaco (Edms) Beperk (Tosaco), 'n belang van 25% in Total South Africa bekom. Hierdie vennootskap is na onderhandelinge van meer as 'n jaar gefinaliseer. Dit is gestruktureer om volhoubaarheid te verseker en te voldoen aan die bepalinge van die Petroleum- en Vloeibare Brandstowwe-handves ten opsigte van die bemagtiging van histories benadeelde Suid-Afrikaners, met 'n spesiale fokus op die verbetering van Total South Africa se waardeketting en die bemagtiging van Tosaco in alle aspekte daarvan deur 'n sterk bedryfsbetrokkenheid in die Suid-Afrikaanse oliebedryf.

Total South Africa se drie aandeelhouers voor die transaksie, bestaande uit die Franse oliereus Total, Remgro en Ou Mutual, het 'n kernrol gespeel om die bemagtigings-transaksie te fasiliteer. Total Frankryk het sy aandeelhouding tot 50.1% verminder, Remgro het sy aandeel van 34.4% tot 24.9% verwater, terwyl Ou Mutual ingestem het om sy 8% terug te verkoop aan Total South Africa. Dit het Tosaco in staat gestel om 'n aandeelhouding van 25% in Total South Africa te bekom.

MALBAK en NAMPAK

Die samesmelting tussen Malbak Beperk (Malbak) en Nampak Beperk (Nampak) is suksesvol gedurende Augustus 2002 afgehandel. Sedertdien is Remgro se belang in Nampak 13.5%.

Die resultate van Malbak is vir die vier maande tot 31 Julie 2002 en dié van die vergrote Nampak vir die agt maande tot 31 Maart 2003 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

NAMPAK: Effektiewe belang 13.5% (2002: 0%)

Nampak se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R88 miljoen. Saam met Malbak se verdienste vir die eerste vier maande het die verpakkingsbelange R131 miljoen vir die jaar onder oorsig bygedra (2002: R101 miljoen).

Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2003 het Nampak 'n toename van 56% in wesensverdienste tot R468.9 miljoen (2002: R301.3 miljoen) gerapporteer. Gedurende dié periode het Nampak se afdelings reële volumegroei van 2% behaal. In Suid-Afrika is dié groei veral ondersteun deur voortgesette uitvoere deur Nampak se binnelandse besighede.

Op 7 Mei 2003 is aangekondig dat Nampak sy 51% belang in NamITech aan Allied Technologies Beperk vir

R522.5 miljoen verkoop het. Hierdie transaksie is onderhewig aan verskeie voorwaardes, waaronder goedkeuring deur die mededingingsowerhede.

WISPECO: Effektiewe belang 100% (2002: 100%)

Wispeco Holdings Beperk (Wispeco) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R28 miljoen (2002: R27 miljoen). Daar moet egter op gelet word dat Wispeco se wesensverdienste vir sy vorige finansiële jaar die skep van 'n uitgestelde belastingbate van R7.5 miljoen insluit (met 'n ooreenstemmende krediet in sy inkomstestaat), terwyl wesensverdienste vir die huidige jaar 'n uitgestelde belastinguitgawe ten bedrae van R11.4 miljoen insluit.

Wispeco se wins voor belasting het met 87.3% van R20.8 miljoen tot R39.0 miljoen toegeneem. Die doeltreffendheid van Wispeco se produksie het geleidelik verbeter en tot bevredigende resultate bygedra.

MYNBELANGE

Bydrae tot wesensverdienste:

- R322 miljoen (2002: R306 miljoen)
  - Styging 5.2%

Persentasie van wesensverdienste:

- 7% (2002: 7%)

GENCOR: Effektiewe belang 10.9% (2002: 10.9%)

Gencor Beperk (Gencor) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R223 miljoen (2002: R231 miljoen). Dié syfers het betrekking op Gencor se twaalf maande tot 31 Desember 2002.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2002 het Gencor toeskryfbare wins van R927 miljoen gerapporteer. Dit was 9.5% laer as die R1 024 miljoen wat in die vorige ooreenstemmende ses maande behaal is. Hierdie afname is hoofsaaklik as gevolg van laer inkomste van Impala Platinum Holdings Beperk (Impala).

Die ontbondeling van Gencor se belang in Impala by wyse van 'n dividend in spesie is op 25 April 2003 deur Gencor se aandeelhouers goedgekeur. Gencor-aandeelhouers het hul Impala-aandele op 18 Junie 2003 ontvang. Ingevolge die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika se noteringsvereistes sal Gencor se notering ses maande ná die voorgestelde ontbondeling opgeskort word. Remgro se belang in Impala sal ongeveer 5.0% wees en sal nie volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word nie.

TRANS HEX: Effektiewe belang 41.1% (2002: 41.9%)

Trans Hex Groep Beperk (Trans Hex) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R96 miljoen (2002: R75 miljoen).

Trans Hex se wesensverdienste het met 29.9% van R176.7 miljoen in 2002 tot R229.6 miljoen in 2003 toegeneem. Die bestendige vraag na ru diamante, met beperkte seisoensprys-afwykings, het ten spyte van moeilike wêreld ekonomiese toestande bygedra tot rekord-diamantverkope van $104 miljoen, wat 'n toename van 27% in dollarterme teenoor die vorige jaar verteenwoordig.

KORPORATIEWE FINANSIES EN ANDER BELANGE

Bydrae tot wesensverdienste:

- R277 miljoen (2002: R251 miljoen)
  - Styging 10.4%

Persentasie van wesensverdienste:

- 5% (2002: 6%)

KORPORATIEF: Effektiewe belang 100% (2002: 100%)

Die sentrale tesourie-afdeling se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het toegeneem van R143 miljoen tot R152 miljoen. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan hoër rentekoerse as die vorige jaar, en hoër kontantbalanse gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar.

Netto korporatiewe koste, donasies ingesluit, het met R6 miljoen gestyg van R57 miljoen in 2002 tot R63 miljoen in 2003.

MEDI-CLINIC: Effektiewe belang 52.4% (2002: 52.3%)

Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R191 miljoen (2002: R158 miljoen).

Medi-Clinic se omset, wat uitsluitlik bestaan uit hospitaalgelde gehef, het met 20% tot R2 924 miljoen (2002: R2 438 miljoen) toegeneem, terwyl wesensverdienste met 18% tot R366 miljoen (2002: R309 miljoen) toegeneem het gedurende die jaar onder oorsig.

Op 1 Desember 2002 het Medi-Clinic, in samewerking met Nozala Investments (Eiendoms) Beperk, Mvelaphanda Capital (Eiendoms) Beperk en Utlwanang Holdings (Eiendoms) Beperk ('n konsortium van swart geneeshere), die Curamed Groep (Curamed) verkry. Curamed is 'n groep van ses spesialis-

ALGEMENE OORSIG

hospitale in Pretoria met ongeveer 700 beddens waarvan ongeveer 150 vroeg in Junie 2003 geopen is. Medi-Clinic het sy swart bemagtigingsvennote in dié transaksie ten bedrae van R49 miljoen teen kommersiële terme gefinansier tot tyd en wyl buitefinansiering toegestaan word.

Benewens die verkryging van 9 miljoen aandele gedurende sy vorige finansiële jaar, het Medi-Clinic nog 2 miljoen van sy eie aandele gedurende die jaar onder oorsig teruggekoop. Hierdie aandele word in tesourie gehou en 'n totale aantal van 1 689 600 aandele is reeds ten opsigte van sy aandele-opsieskema aangewend.

ERKENNING

Aan almal wat die afgelope jaar tot die sukses van die groep bygedra het, dra ons ons hartlike dank oor: aan die aandeelhouers vir hul volgehoue vertroue; die besturende direkteure en alle kollegas in die onderskeie groepmaatskappye vir hul samewerking en ondersteuning; alle ander direkteure, amptenare en werknemers vir hul toewyding en ander belanghebbendes vir dienste gelewer.

In besonder wil ons mnr P J Erasmus, wat op 28 Augustus 2002 uit die direksie getree het, bedank vir sy waardevolle bydrae oor meer as 45 jaar.

Johann Rupert

Thys Visser

Stellenbosch
24 Junie 2003

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

OP 31 MAART 2003

	Aantekeninge	Aandele gehou miljoen	Sluitings-prys	£ miljoen	Wissel-koers	31 Maart 2003 R miljoen
Handelsmerkbelange						
R&R Holdings				1 561.2	(12.4915)	**19 502**
– BAT-gewone aandele		201.4	(591.5p)	1 191.5		
– BAT-voorkeuraandele	1	40.3	(672.9p)	271.1		
– BAT-dividende ontvang/opgeloop	2			85.1		
– Ander netto bates				13.5		
Distell Groep		58.7	(1 200c)			**704**
Finansiële dienste						
Absa Groep		61.4	(2 940c)			**1 805**
FirstRand		520.7	(650c)			**3 385**
RAB Beherend		274.1	(930c)			**2 549**
Sage Groep		10.8	(154c)			**17**
Sagecor	3					**9**
Nywerheidsbelange						
Rainbow		143.1	(325c)			**465**
TSB	3					**1 009**
Unilever Bestfoods Robertsons	3					**1 442**
Wispeco	3					**186**
Air Products South Africa	3					**423**
Dorbyl		14.0	(1 620c)			**228**
Henkel South Africa	3					**13**
Nampak		86.8	(1 150c)			**998**
Total South Africa	3					**1 198**
Mynbelange						
Gencor		38.0	(3 500c)			**1 330**
Trans Hex Groep		35.2	(1 700c)			**599**
Ander belange						
Caxton		7.8	(556c)			**43**
Medi-Clinic		178.6	(750c)			**1 339**
Diverse beleggings en lenings						**229**
Ander netto bates						**143**
Kontant by die kern	4					**1 639**
Intrinsieke waarde						**39 255**
Uitgereikte aandele minus aandele teruggekoop (miljoen)						**510.4**
INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL						**R76.91**

Aantekeninge

1. Die BAT-voorkeuraandele is volgens die verdiskonteerde huidigewaarde-metode waardeer.
2. Remgro se deel van die BAT-dividende word jaarliks ná jaareinde na Suid-Afrika gerepatrieer.
3. Die ongenoteerde beleggings is teen direkteurswaardasies.
4. Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale en geassosieerdes, wat afsonderlik hierbo waardeer is, uit.

KORPORATIEWE BESTUUR

Remgro onderskryf, en is ten volle verbind tot, die King-verslag se Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag.

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Verwysing na "die maatskappy" beteken ook die maatskappy en sy volfiliale. Dit funksioneer op 'n gedesentraliseerde grondslag, soos verduidelik op bladsy 1. Elke onderneming waarin die maatskappy belê, het sy eie bestuurstruktuur. Om sy verantwoordelikheid ten opsigte van risikobestuur na te kom, het Remgro die instandhouding van 'n wyer hersieningsprogram vir risikobestuur goedgekeur ten einde 'n samehangende benadering in die groep te verseker.

Al die maatskappy se genoteerde filiale en geassosieerde maatskappye onderskryf die Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag waar toepaslik. Die maatskappy moedig die volle nakoming aan waar moontlik en dat dit openbaar gemaak word waar dit nie moontlik is nie.

Direksie-handves

Die direksie het 'n formele handves aanvaar wat geïmplementeer is om:

- die verantwoordelikhede, funksies en samestelling van die direksie te identifiseer, te omskryf en te boekstaaf, en
- as verwysing te dien vir nuwe direkteure.

Die handves word deur alle direkteure van Remgro Beperk onderskryf.

Samestelling van direksie

Remgro het 'n ten volle funksionele direksie wat die groep lei en beheer. Tans bestaan die direksie uit vyf uitvoerende en tien nie-uitvoerende direkteure, waarvan ses onafhanklik is.

Die direksie sal nie uit minder as vier en meer as sestien direkteure bestaan nie, of enige ander getal soos die direkteure van tyd tot tyd mag bepaal.

Die funksies van die voorsitter en die hoofuitvoerende beampte word geskei. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur maar nie onafhanklik nie.

'n Lys van direkteure verskyn op bladsye 6 en 7.

Rol en verantwoordelikheid

Die direksie is uiteindelik verantwoordelik vir die vertoning en sake van die maatskappy. Dit verskaf strategiese rigting. In sy rigtinggewende funksie aan die groep verskaf die direksie leierskap, integriteit en oordeel, gegrond op billikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid, ten einde die voortgesette voorspoed van die groep te verseker.

Na afloop van die goedkeuring van bedryfs- en beleggingsplanne en strategieë bemagtig die direksie die uitvoerende bestuur om dit te implementeer en tydige, akkurate en toepaslike terugvoering te gee oor die vordering wat gemaak word.

Die direksie bly aanspreeklik vir die algehele sukses van goedgekeurde strategieë, gegrond op waardes, doelwitte en die vereistes van belanghebbendes, en vir die proses en beleid wat die integriteit van risikobestuur en interne beheer verseker. Die direksie is die sentrale punt van die groep se korporatiewe bestuur en dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat aan alle toepaslike wette, regulasies en kodes van beste sakepraktyke voldoen word.

Die direksie is verantwoordelik vir die monitering van die groep se bedryfs- en beleggingsvertoning, wat relevante finansiële en nie-finansiële aspekte insluit. Dit is ook verantwoordelik om toe te sien dat prosedures en praktyke in plek is om te verseker dat die maatskappy se bates en reputasie beskerm word.

Die direksie het die volgende subkomitees daargestel om hom te help om sy verpligtinge en verantwoordelikhede na te kom:

- ***Die vergoedings-en-nominasiekomitee***, bestaande uit vier nie-uitvoerende direkteure, adviseer die direksie oor die vergoeding van alle direkteure en senior bestuurslede en is verantwoordelik vir opvolgbeplanning. Daarby neem dit jaarliks deel aan die beoordeling van direkteure, asook die doeltreffendheid van die direksie en die oudit-en-risikokomitee. Die komitee is ook verantwoordelik vir die benoeming van direkteure. Die voorsitter van die direksie is voorsitter van hierdie komitee. Die hoofuitvoerende beampte woon vergaderings op uitnodiging by.

  Die komitee het 'n formele opdrag en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

Direkteure het nie langtermynkontrakte of buitengewone voordele verbonde aan die beëindiging van hul diens nie.

- ***Die oudit-en-risikokomitee***, bestaande uit drie nie-uitvoerende direkteure en een uitvoerende direkteur, beoordeel die geskiktheid en doeltreffendheid van die volgende: die finansiële verslaggewingsproses; die stelsel van interne beheer; die bestuur van finansiële, beleggings-, tegnologiese en bedryfsrisiko's; risikobefondsing; die interne en eksterne ouditprosesse; die maatskappy se proses waarvolgens nakoming van wette en regulasies gemonitor word; sy eie kode van sakeoptrede; en prosedures wat ingestel word om die maatskappy se bates te beskerm. 'n Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur is voorsitter van die komitee.

  Die komitee het 'n formele opdrag en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- ***Die uitvoerende komitee***, bestaande uit al vyf uitvoerende direkteure, vergader gereeld tussen direksievergaderings om sake te hanteer wat deur die direksie gedelegeer is.

Die direksie is verantwoordelik vir die aanstelling en oriëntering van nuwe direkteure.

Nie-uitvoerende direkteure word aangestel op grond van hul wye kennis en ondervinding en van hulle word verwag om effektief aan besluitneming en die formulering van beleid deel te neem.

Uitvoerende direkteure dra hul uitvoerige insig van die dag-tot-dag-bedrywighede by, wat die direksie in staat stel om doelwitte te identifiseer, rigting te gee en die lewensvatbaarheid te bepaal van strategieë wat voorgestel word. Hierdie direkteure is oor die algemeen verantwoordelik vir die implementering van alle bedryfsbesluite.

Die direksie hersien en beoordeel jaarliks die mengsel van vaardighede en ondervinding wat direkteure verteenwoordig, sowel as die samestelling van die raad in ooreenstemming met die land se demografie om te verseker dat dit toegerus is om die maatskappy se doelwitte te bereik en aandeelhouerswaarde oor die lang termyn te skep.

Vergaderings en kworum

Die akte van oprigting vereis dat drie direkteure 'n kworum vorm vir direksievergaderings. 'n Meerderheid van lede, met verkieslik 'n beduidende teenwoordigheid van nie-uitvoerende direkteure, word vereis vir komiteevergaderings.

Die Remgro-direksie vergader minstens ses keer per jaar. Die oudit-en-risikokomitee kom minstens vier keer per jaar bymekaar, terwyl die vergoedings-en-nominasiekomitee minstens een keer per jaar vergader.

Wesenlikheid en goedkeuringsraamwerk

Sake van wesentlike of strategiese aard, wat 'n invloed op die reputasie van die maatskappy mag hê, word na die direksie verwys. Alle ander sake word, in opdrag van die direksie, op senior bestuursvlak aangespreek.

Die notules van al die komiteevergaderings word aan direksielede gestuur. Sake wat die direksie se aandag moet geniet, of 'n direksiebesluit vereis, word uitgelig en as agendapunte vir die volgende direksievergadering ingesluit.

Vergoedingsbeginsels

Die maatskappy se beleid, wat as riglyn dien vir die vergoeding van alle direkteure en senior bestuur, het die volgende ten doel:

- Die behoud van die dienste van bestaande direkteure en senior bestuur
- Die werwing van potensiële direkteure en senior bestuurders
- Die verskaffing van vergoeding wat billik en regverdig is aan direkteure en senior bestuur
- Om te verseker dat geen diskriminasie plaasvind nie
- Die erkenning en aanmoediging van prestasie wat buitengewoon is en waarde toevoeg

In ooreenstemming met hierdie doelwitte evalueer die vergoedings-en-nominasiekomitee jaarliks die vertoning van elke direkteur en senior bestuurslid en word jaarlikse salarisaanpassings daarvolgens bepaal. Vir hierdie doel word ook verwys na salarisopnames wat deur onafhanklike organisasies gemaak is.

Pligte van direkteure

Die bepalinge van die Maatskappywet lê direkteure sekere verpligtinge op en stipuleer dat hulle die nodige omsigtigheid en vaardigheid moet aanwend in die uitvoering van hul pligte. Om te verseker dat dit gebeur word bestepraktyk-beginsels, soos vervat in die King-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (King II), toegepas.

Die Maatskappywet maak nie onderskeid tussen nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure nie en vereis dat direkteure:

- finansiële jaarstate voorberei wat 'n billike oorsig gee van die maatskappy se sake en sy wins- of verliesposisie vir die tydperk onder oorsig;

KORPORATIEWE BESTUUR

- geskikte rekeningkundige beleid kies en dit konsekwent toepas;
- aandui of toepaslike rekeningkundige standaarde gevolg is; en
- uitsprake en skattings maak wat billik en omsigtig is.

Ingevolge die wetgewing het hulle ook 'n plig om:

- behoorlike rekeningkundige rekords te hou;
- stappe te doen om die bates van die maatskappy te beskerm;
- bedrog en ander onreëlmatighede te voorkom;
- 'n stelsel van interne beheer te implementeer en die doeltreffenheid daarvan na te gaan;
- botsings van belange te verklaar; en
- inligting eerlik openbaar te maak.

Die direksie is ook verantwoordelik vir die formulering van die maatskappy se kommunikasiebeleid en om seker te maak dat woordvoerders van die maatskappy dit nakom. Hierdie verantwoordelikheid sluit duidelike, gebalanseerde en waarheidsgetroue kommunikasie aan aandeelhouers en relevante belanghebbendes in.

KONFLIKTE

Meganismes is in plek om enige potensiële belangebotsing raak te sien, daarop te reageer en dit te bestuur. Direkteure word verplig om minstens een keer per jaar 'n verklaring te onderteken dat hulle nie bewus is van enige botsing van belange wat mag bestaan vanweë hulle belang in, of verbintenis met enige ander maatskappy nie. Daarby vereis die Maatskappywet ook van direkteure om hul belange te verklaar in kontrakte wat vir die maatskappy se besigheid van belang is.

Alle inligting wat direkteure in die uitvoering van hulle pligte bekom en wat nie openbaar gemaak word nie, moet as vertroulik beskou word en direkteure mag nie sulke inligting gebruik, of skyn te gebruik, vir persoonlike gewin of tot voordeel van derde partye nie.

Van alle direkteure van die maatskappy word verwag om die Remgro Gedragskode en die voorskrifte van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika (JSE) insake binne-inligting, transaksies en die openbaarmaking van transaksies na te kom.

MAATSKAPPYSEKRETARIS EN PROFESSIONELE ADVIES

Alle direkteure is geregtig daarop om onafhanklike professionele advies oor die sake van die groep te bekom op koste van die maatskappy.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die dienste van die maatskappysekretaris wat moet toesien dat behoorlike korporatiewe bestuursbeginsels nagekom word en daarvoor aan die direksie verantwoordelik is. Direksie-oriëntering of -opleiding word gedoen soos nodig geag.

LOPENDE SAAK

Die direksie moet minstens een keer per jaar die lopendesaak-status van die groep oorweeg aan die hand van die volgende:

- Netto beskikbare fondse en die likiditeit daarvan
- Die groep se restante risikoprofiel
- Wêreld ekonomiese gebeure
- Die volgende jaar se strategiese sakeplan en begrotings
- Die groep se huidige finansiële posisie

Na besinning oor die voorafgaande is die direksie tevrede dat dit in die jaar onder oorsig die vereiste handelinge, soos vervat in die handves, uitgevoer het.

RISIKOBESTUUR EN INTERNE BEHEER

Risikobestuur is 'n proses waarvolgens spesifieke risiko's uitgeskakel, oorgedra of geduld word deur die beplanning, implementering en beheer van aktiwiteite op so 'n wyse dat risiko's tot aanvaarbare vlakke beperk word.

Interne beheer is 'n proses waarvolgens sekere risiko's bestuur word ten einde doeltreffende bedrywighede, gesonde finansiële beheer en die nakoming van wette en regulasies te bewerkstellig. Dit verskaf 'n redelike, hoewel nie absolute, versekering teen wesenlike wanvoorstelling en verlies.

Om sy verantwoordelikhede ten opsigte van risikobestuur en interne beheer na te kom, het die direksie die praktyke wat Remgro ingevolge 'n ondernemingwye risikobestuur-metodiek aanvaar het, bekragtig. Hierdie metodiek sluit erkende

beheermeganismes en die aanbevelings van die King II-verslag in. Die direksie is tevrede dat die proses doeltreffend is.

Die ondernemingwye risikobestuursmetodiek bestaan uit die volgende ses fases:

Korporatiewe bestuur

Remgro se korporatiewe bestuurstrategie is daarop gemik om die geleenthede wat aan die groep gebied word, oordeelkundig te benut met inagneming van aanvaarbare risikovlakke.

Hiervoor is dit belangrik dat toepaslike strategieë, beleide, prosedures en korporatiewe waardes binne die groep gekommunikeer, aanbeveel, ondersteun en geïmplementeer word.

By die vasstelling van die strategiese plan vir volhoubare welvaartskepping word Remgro se risikostrategie in aanmerking geneem, wat op sy beurt deur ekonomiese siklusse, wêreldgebeure, beskikbare bates, risikofinansieringstrategieë, ens. beïnvloed word.

Groeprisiko-analise

Die doel van die groeprisiko-analise is om sover moontlik, en met behulp van die onderskeie maatskappye, die strukture, onderlinge verhouding en doelwitte van die hoofbedrywighede in die groep te bepaal. Dit word jaarliks gedoen en is onderhewig aan voortdurende hersiening.

Die analise identifiseer die doelwitte van elke hoofaktiwiteit, die risiko's verbonde daaraan, die potensiële uitwerking van sulke risiko's en die beheermeganismes en prosedures wat bestaan om tydig op nuwe risiko's te reageer.

Aktiwiteitsrisikowaardering

Hierdie waardering word gedoen op hoofaktiwiteitsvlak om die risikoprofiel te verfyn wat deur groeprisiko-analise ontwikkel is.

Die proses behels die rangskikking van die ontlede risiko's volgens prioriteit ten opsigte van belangrikheid van doelwitte en die evaluering van bestaande beheermaatreëls teenoor die risikoprofiel en veranderinge in die beheeromgewing.

Risikofinansiering

Dit is Remgro se beleid dat oorblywende risiko's gefinansier word nadat omsigtige risikobestuursinisiatiewe geïmplementeer is om die blootstelling aan risiko's tot aanvaarbare vlakke te verminder in ooreenstemming met die groep se risikostrategie.

In hierdie verband is dit Remgro se strategie om risikofinansieringsaktiwiteite tot rampvlakke te beperk eers nadat voldoende risikobehoudsvlakke daargestel is.

Geïntegreerde gerusstelling

Korporatiewe bestuursmodelle stel voor dat interne en eksterne ouditinisiatiewe geïntegreer word. Daarbenewens wil die direksie verseker dat die inisiatiewe ook geïntegreer word met bestuurs- en ander beheermaatreëls.

In hierdie verband gebruik geïntegreerde gerusstellingsverskaffers Risk Minimiser® ten einde te verseker dat hierdie inisiatiewe die groep se metodiek om beheermaatreëls self te evalueer ondersteun.

Die onderskeie verskaffers van gerusstelling aan die direksie sluit die volgende in:

- Die uitvoerende komitee, uitvoerende direkteure en senior bestuur
- Die oudit-en-risikokomitee

  Bykomend tot die verantwoordelikhede wat die direksie in sy handves aan die oudit-en-risikokomitee opdra ten opsigte van die maatskappy en sy volfiliale, het die komitee ook ten doel om sover moontlik ten volle ingelig te word oor doeltreffende risikobestuur- en interne beheerprosesse by nie-volfiliaalmaatskappye en geassosieerde maatskappye.

  Indien nodig sal die komitee, deur Remgro se verteenwoordigers in daardie direksies, of op 'n ander toepaslike wyse, soveel invloed moontlik uitoefen om verantwoordelike partye sover te kry om korrektiewe aksies uit te voer.

  Interne oudit

  Die maatskappy het 'n interne ouditfunksie wat aan die diensmaatskappy se Risikobestuurs- en Interne Ouditafdeling uitgekontrakteer is. Dit is 'n effektiewe, onafhanklike waarderingsfunksie wat 'n risikogebaseerde ouditbenadering volg, opgestel in ooreenstemming met die Instituut vir Interne Ouditeure (IIO) se definisie van interne oudit in 'n handves deur die oudit-en-risikokomitee goedgekeur.

  Die hoof van hierdie afdeling het direkte toegang tot die voorsitter van die oudit-en-risikokomitee, sowel as die voorsitter van die groep. Die hoof van die afdeling is ook voorsitter van die groep se Risikobestuurs- en Interne Ouditforum, wat daargestel is om beste praktyke in die

KORPORATIEWE BESTUUR

groep te bevorder.

Eksterne oudit

Die maatskappy se eksterne ouditeure woon alle vergaderings van die oudit-en-risikokomitee by en het direkte toegang tot die voorsitter van die oudit-en-risikokomitee. Hul ouditdekking is voldoende geïntegreer met die interne ouditfunksies sonder dat die omvang daarvan enigsins beperk word.

Ander dienste wat deur die ouditeursfirma verskaf word, sluit hoofsaaklik belastingaangeleenthede in en dit word hanteer deur 'n afdeling wat onafhanklik van die ouditvennote is.

- Belastingkomitee

  Die Belastingkomitee, wat 'n bestuurskomitee is bestaande uit senior beamptes en uitvoerende direkteure, vergader gereeld om aandag te skenk aan die implikasies van alle relevante belastingwysigings ten einde optimale belastingbeplanning en die nakoming van toepaslike wetgewing te verseker.

- Risikobefondsingskomitee

  Hierdie komitee, wat 'n bestuurskomitee is, het hoofsaaklik te doen met suiwer risiko's, risikobefondsingstrategieë en verwante sake.

Bestuur van risiko's

Remgro en sy diensmaatskappy, sowel as verskeie groep-maatskappye, het Risk Minimiser® gekies as die toepaslike, gerekenariseerde risikobestuursinstrument om deur middel van gekontroleerde selfevaluering die risiko's in kernbedrywighede te bestuur.

Risk Minimiser® is ontwerp om deur middel van beheer en selfevaluering bestuur in staat te stel om ingeligte besluite te neem en vir gebeurlikhede te beplan. Die stelsel bevestig voldoening aan kernbeheermaatreëls, bestuur intydse risikoprofiele, rapporteer voorvalle en nie-nakoming op 'n afwykingsgrondslag en versprei alle toepaslike wette, beleide en prosedures aan bestuur wat daarvoor aanspreeklik is.

Die proses van risikobestuur is ook in die daaglikse aktiwiteite van die diensmaatskappy geïnkorporeer. Die stelsel sluit selfevalueringsmeganismes in en stappe word gedoen om gebreke reg te stel sodra dit geïdentifiseer word. Dit is onderhewig aan gereelde interne en eksterne ouditoorsigte.

Die maatskappy het 'n veiligheids-, sekuriteits- en 'n omgewingskomitee wat na tersaaklike aangeleenthede omsien. Die maatskappysekretaris, tesame met die groeprisikobestuurder en die Belastingkomitee, kyk na nakomingsrisiko's.

Die oudit-en-risikokomitee het die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels van die maatskappy en sy volfiliale vir die finansiële jaar tot 31 Maart 2003 nagegaan. Die direkteure meen dat, op grond van navrae wat gedoen is en die verslae wat van die interne en eksterne ouditeure ontvang is, die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels doeltreffend was in die tydperk onder oorsig.

Die oudit-en-risikokomitee is ook tevrede dat die ouditkomitees van die maatskappy se belangrikste volfiliale en geassosieerde maatskappye behoorlik funksioneer.

MIV/VIGS-BELEID

Gedurende Februarie 2003 het die GLOBAL Reporting Initiative™ (GRI) 'n brondokument gepubliseer om as rapporteringsriglyn te dien vir MIV/Vigs. Aangesien die GRI Suid-Afrika gekies het as die ontwikkelingsgebied vir hierdie brondokument wat uiteindelik 'n tegniese protokol moet word, het Remgro die dokument as sy standaard vir rapportering vir hierdie doel gekies.

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/Vigs uit twee elemente, naamlik:

Groeprisiko

Gegewe die potensiële uitwerking van MIV/Vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko bestuur binne die strukture wat in die onderskeie maatskappye bestaan.

Remgro monitor, aan die hand van bestepraktyk-standaarde, die vordering van hierdie beleide en strategieë.

Maatskappyrisiko

Die diensmaatskappy, M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I), het 'n formele MIV/Vigs-beleid en het homself verbind

tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Sy beleid maak onder andere vir die volgende voorsiening:

- Dat alle wetlike verpligtinge sover dit MIV/Vigs betref, nagekom word
- Dat daar op geen wyse teen werknemers of potensiële werknemers gediskrimineer word op grond van hul MIV-status nie
- Dat inligting oor die MIV-status van werknemers streng vertroulik gehanteer word
- Dat algemene maatreëls ingestel en bestuur word om toevallige besmetting te voorkom

Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste M&I-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/Vigs waaraan werknemers volgens hul keuse deelneem.

Verhandelings in sekuriteite

Ingevolge die noteringsvereistes van die JSE het die maatskappy 'n gedragskode aanvaar sover dit binnehandel betref. Gedurende die geslote tydperk word direkteure en aangewese werknemers verbied om handel te dryf in die maatskappy se aandele. Die geslote periode duur vanaf die sluiting van die finansiële verslagtydperk tot die publikasie van die resultate vir daardie tydperk. Bykomende geslote periodes mag van tyd tot tyd verklaar word indien omstandighede dit vereis.

Groepetiek

Dr Anton Rupert, stigtervoorsitter van die Rembrandt Groep, wat vandag Remgro Beperk insluit, het meer as 40 jaar gelede riglyne opgestel vir die suksesvolle bedryf van sake. Dit sluit in:

- Eerlikheid
- Korrektheid
- Hoflikheid
- Diens
- Onderlinge ondersteuning
- Geloof
- Deursigtigheid
- Integriteit in alle transaksies met belanghebbendes
- Respek vir maatskappy-eiendom, bates en die reg

Hierdie riglyne het ontwikkel in wat vandag Remgro se waardes is. Die maatskappy glo dat die gees waarin dit streef om 'n goeie korporatiewe burger te wees, in hierdie waardes beliggaam is. Dit glo verder dat etiese gedrag spruit uit die waardesisteem wat deur die direksie gekommunikeer en gedemonstreer word.

Remgro se verbintenis tot etiese gedrag is in die volgende gepubliseerde dokumente vervat:

- Etiese kode
- Gedragskode
- Bedrogvoorkomingsbeleid
- Internetbeleid
- Dissiplinêre kode

Die direksie was verantwoordelik vir die daarstelling en verspreiding van hierdie dokumente en die nakoming daarvan word gemonitor deur bestuurstrukture, interne oudit en die groep se sentrale forensiese funksie wat blitslyne insluit.

Toegang tot inligting

Remgro voldoen aan die regulasies van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet Nr 2 van 2000), wat die grondwetlike reg verseker op toegang tot inligting wat benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte.

DIENSMAATSKAPPY

'n Ooreenkoms is aangegaan met 'n diensmaatskappy, M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I), om bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro te verskaf. Die aandeelhouers van M&I is werknemers van M&I, wat al die uitgereikte gewone aandele besit. Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk besit al die A-gewone aandele van M&I. Die A-gewone aandele het slegs stemreg, maar het geen regte tot die inkomste of bates van M&I nie.

Remgro betaal fooie aan M&I wat die oorhoofse koste van die bestuur van Remgro dek. Hierdie fooie sal nie 0.463% per jaar van die markkapitalisasie van Remgro, bereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie oorskry word sonder dat 75% van alle klasse aandeelhouers van Remgro daartoe instem nie. Die fooie vir die afgelope jaar word in aantekening 16 by die finansiële jaarstate uiteengesit.

DIENSBILLIKHEID

Die diensmaatskappy, M&I, streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Diensbillikheid, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesentlik.

'n Gidskomitee en verskeie werkgroepe is saam met M&I se bestuur betrokke by die bepaling van opleiding- en ontwikkelingsbehoeftes, asook by die implementering en monitering van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming het M&I Groepsdienste die afgelope jaar sy derde arbeidsplan by die Departement van Arbeid ingedien.

Vanweë die aard van sy werksaamhede, om onder andere kerndienste aan Remgro te verskaf, word M&I se arbeidsmag deur die volgende gekenmerk:

- 'n Hoë vlak van kundigheid in die topstruktuur van die organisasie en in die onderskeie gespesialiseerde afdelings
- 'n Jongwerknemersprofiel, veral wat bestuur betref
- 'n Lae arbeidsomset wat beperkte geleenthede vir nuwe aanstellings meebring

In die lig van sekere beperkings eie aan beleggingshouermaatskappye het M&I uit die staanspoor 'n vyfjaar-tydperk vir sy arbeidsplan gekies om voldoende tyd toe te laat om waarde tot sy arbeidsmag toe te voeg.

Die diensmaatskappy glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike, volhoubare, mededingende voordeel is. Daarom glo hy dat sy sukses nie in die eenvormigheid van sy personeel lê nie, maar in die verskeidenheid en die ontwikkeling van hul kollektiewe vaardighede. Daarvoor sal altyd ruimte en geleenthede geskep word.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

DIENS AAN DIE GEMEENSKAP

Korporatiewe burgerskap, naamlik die verbintenis van die besigheid om op 'n volhoubare wyse tot ekonomiese ontwikkeling by te dra, was nog altyd deel van ons groep se sakefilosofie. Dit behels dat saam met werknemers, hul gesinne, die plaaslike gemeenskap en die groter samelewing gewerk word om lewensgehalte te verbeter.

Die maatskappy se uitgangspunt, sover dit sy besigheid en sy gemeenskapsdiensprogram betref, is om 'n betekenisvolle bydrae te maak en waarde toe te voeg. Skenkings word dikwels oor termyne gemaak om sodoende 'n mate van sekuriteit aan begunstigdes te verskaf. Dit word ook nie oor so 'n wye gebied versprei dat die omvang en uitwerking daarvan onbeduidend raak nie.

In ooreenstemming met hierdie benadering is die maatskappy tans by die volgende projekte en instansies betrokke:

ENTREPRENEURSKAP EN OPLEIDING

In vennootskap met VenFin het die maatskappy 'n aansienlike belegging gemaak in twee belangrike opvoedkundige en werkskeppende projekte: die *SA Kollege vir Toerisme* op Graaff-Reinet en die *Suider-Afrikaanse Natuurlewekollege* naby die grens van die Kruger Nasionale Park.

SA Kollege vir Toerisme – Hierdie kollege, wat deur dr Anton Rupert geïnisieer is, is op 18 Oktober 2002 amptelik deur mev Zanele Mbeki, Presidentsvrou, geopen. Sy het die kollege op Graaff-Reinet geloof vir sy besondere inisiatief om loopbaangeleenthede vir swart vroue in die ouderdomsgroep 25 – 35 te skep.

Die kollege is in die lewe geroep as een van vier pilare wat deur die Vredesparkstigting geïdentifiseer is vir 'n suksesvolle oorgrensparkstrategie, waardeur buitelandse toeriste in groter getalle na Suider-Afrika gelok kan word. Die pilaar wat die kollege verteenwoordig, is akkommodasie – die opleiding van studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe vir loopbane in die gasvryheidsbedryf.

Verlede jaar het 28 studente kursusse gevolg in kookkuns; voedsel- en drankstudies; kamer- en voorportaaldiens; kommunikasie, bemarking en toerisme; entrepreneurskap (besigheidsadministrasie) en finansiële bestuur. Drie van die studente was van Lesotho en die ander van die Oos-Kaap (12), die Wes-Kaap (6), Vrystaat (3), Limpopo (2), Gauteng en KwaZulu-Natal.

Suider-Afrikaanse Natuurlewekollege – 'n Verslag die afgelope jaar van die kollege se langkursus-programme deur twee onafhanklike beoordelaars, wat 10 Afrika-lande besoek het, was baie positief.

Na onderhoude met 48 gegradueerdes van die kollege en die insameling van inligting oor nog 20 ander, is bevind dat 90% van die afgestudeerdes in die bewaringsveld gebly het. Werkgewers van hierdie studente het hul opleiding erken en groter verantwoordelikhede aan hulle toegeken, veral op bestuursgebied. Die positiewe gevolge hiervan sluit die volgende in: die daarstelling van 'n opvoedkundige sentrum vir skoolkinders, 'n biblioteek en besoekersentrum (Zambië), die opstel en implementering van planne vir bewarings-gebiedbestuur (Botswana en Kenia) en die ontwikkeling van programme vir gemeenskapsopleiding in bewaring (Mosambiek en Zambië).

Scimathus – Dit is 'n projek van die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys aan die Universiteit van Stellenbosch wat daarop gemik is om aan leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe die geleentheid te gee om hulle vermoë in wiskunde en wetenskap of rekeningkunde sodanig te verbeter dat hulle toegang verkry tot tersiêre onderrig.

Remgro is tans vir die derde jaar by Scimathus betrokke en kan met dank rapporteer dat die projek reeds 'n verskil in die lewe van hierdie studente gemaak het. Die kursus gaan met heelwat opoffering aan die kant van die studente gepaard. Van hulle ry daagliks tot 90 km om klasse by te woon.

Scimathus het homself verskeie doelwitte gestel, waaronder 'n skool wat goed funksioneer, met minstens 60 swart na-matriekstudente, 'n kundige personeelkorps wat leiding aan die studente kan verskaf, die aankweek van 'n leerkultuur onder studente en akademiese prestasies wat sal verseker dat die meeste van die studente na afloop van die kursus kan inskryf vir graadkursusse in die natuurwetenskappe, toegepaste

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

DIENS AAN DIE GEMEENSKAP

natuurwetenskappe en die ekonomiese en bestuurswetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch en ander tersiêre instellings.

Die meeste van hierdie doelwitte is reeds suksesvol bereik en baie van verlede jaar se studente het, danksy die gehalte aandag wat hulle kry, aansienlik verbeter op hul matriekuitslae van die vorige jaar.

Omgewing

WWF-Suid-Afrika **–** Remgro is 'n korporatiewe lid van hierdie bewaringsorganisasie sedert die totstandkoming daarvan 35 jaar gelede.

Die afgelope jaar het WWF-SA sy benadering verander, met 'n groter fokus op tematiese programme, waaronder oseane en kusgebiede, varswater, woude, graslande, fynbos, vetplant-Karoo, spesies wat kommer wek, klimaatsverandering, gifstowwe en omgewingsonderrig. Enkele hoogtepunte van die jaar se aktiwiteite was die volgende:

- Die mees onlangse opname oor die voorkoms van die suidelike noorkapper (vir die tweede agtereenvolgende jaar deur Die Groen Trust befonds en voorheen vir vier jaar deur WWF-SA) het die grootste aantal walvisse getoon in die 32-jarige geskiedenis van dié opname.
- WWF-SA het as gasheer opgetree vir 'n vergadering van WWF se Afrika- en Madagaskar- Omgewingsopvoedkundige Program wat deur talle afgevaardigdes van die streke bygewoon is.
- Die wildehondhervestigingsprogram in Hluhluwe-Umfolozi verloop suksesvol en verlede jaar is sewe klein hondjies gebore.
- Altesaam R24 miljoen van die vereiste R30 miljoen is vir die Noordhoek-Kommetjie-vleilandgebied ingesamel ten einde die toekoms te verseker van hierdie ontbrekende skakel in die bewaringsopset van die Kaapse Skiereiland.

Kulturele ontwikkeling

Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) **–** Hierdie fees is in sy negende jaar en Remgro se borgskap in die derde jaar. As vertoonvenster vir die land se uitvoerende kunste het die KKNK tans nie sy gelyke nie.

In sy borgboodskap vir vanjaar se fees het die maatskappy se hoofuitvoerende beampte onder andere die volgende gesê:

"Dis 'n bevrydende gedagte dat ons begin besef dat kuns geen kleur het nie. Die KKNK is 'n waardige vertoonvenster hiervan. Dit dien ook as 'n spieël van 'n samelewing se hoop, vrese, vertwyfeling en selfs skuldgevoelens.

Die waarde van so 'n fees as stimuleerder en weegskaal van 'n gemeenskap se opvattinge en waardes moet egter nie geringgeskat word nie. Daar kan nouliks van kunstenaars verwag word om as sedebewakers en die geheue van die gemeenskap op te tree. Hul vertolking hiervan kan egter perspektief en 'n ander dimensie gee en ons help om van rigiede stereotipes ontslae te raak."

Parlementêre Millenniumprojek (PMP) **–** 'n Skenking is gemaak aan hierdie nasiebouprojek, wat deel van die Suid-Afrikaanse en Afrika-Renaissance vorm.

Die projek streef na 'n gemeenskaplike perspektief en die aanvaarding van die werklikhede in Suid-Afrika. Dit wil begrip en waardering kweek vir die wyse waarop elkeen se ondervinding van die verlede help om gestalte aan die hede te gee, met die uiteindelike doel om almal onder die President se banier van *Ek is 'n Afrikaan* te verenig en die waardes, soos vervat in die Grondwet, te ondersteun.

Een van die loodsprojekte wat die PMP onderneem het, was die eerste openbare uitstalling van 'n digitale weergawe van die *Da Ming Hun Yi Tu*, 'n Chinese kaart uit die jaar 1389 wat die hele kontinent van Afrika toon.

Stellenboschfees **–** Remgro het in die 15de jaar van die Stellenboschfees weer as borg opgetree vir 'n simfoniekonsert deur die Kaapse Filharmoniese Orkes, met Christopher Dowdeswell as dirigent en Anton Nel as solis.

Die fees het andermaal goeie publisiteit geniet en het ook heelparty werkwinkels en meesterklasse vir studente en leerlinge uit alle gemeenskappe ingesluit, waardeur 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van musiek gelewer is.

SPORTONTWIKKELING

SA Gholfontwikkelingsraad (SAGOR) **–** Goeie vordering is die afgelope jaar met die uitvoering van die raad se besigheidsplan gemaak. Personeel is aangestel om hulpbronne te bestuur en die beoogde ontwikkelingstrategie te implementeer.

Vir die doel van SAGOR se werksaamhede is die land in twee hanteerbare afdelings (binneland en kus) ingedeel en onderverdeel in tien streke. Hiervan is Gauteng, Vrystaat en Noord-Kaap, KwaZulu-Natal, Grens en die Wes-Kaap (Boland ingesluit) reeds operasioneel. Die Oos-Kaap, Mpumalanga, Suid-Kaap, Limpopo en Noordwes sal in 2003 aan die beurt kom.

Die Pretoriase Technikon het SAGOR die afgelope jaar gehelp om 'n opleidingsprogram saam te stel vir onderwysers wat gholfonderrig gee. Hierdie program, wat 'n driejaar-diplomakursus behels wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieraad erken sal word, sal onderwysers oplei om kinders te leer gholf speel.

As deel van die opleiding word 'n lewensvaardigheids-program aangebied wat die volgende kernwaardes met jong spelers behandel: eerlikheid, integriteit, sportmanskap, respek, vertroue, verantwoordelikheid, volharding, hoflikheid en gesonde oordeel.

Wes-Kaapse Krieket-akademie **–** As stigterborg van die akademie het Remgro sy finansiële steun aan die akademie die afgelope jaar hervat nadat BAT hom aan die borgskap onttrek het.

Die akademie, 'n gesamentlike onderneming tussen die Boland-Krieketraad en die Westelike Provinsie Krieketvereniging, is nou in sy tiende jaar en het as instelling 'n groot mate van volwassenheid bereik. Verby is die dae van onderlinge wedywering tussen die twee provinsies. Goeie samewerking in belang van krieket in die Wes-Kaap is nou die oorheersende doelwit.

Die akademie se relatief kort geskiedenis word gekenmerk deur talle hoogtepunte. Om slegs enkeles te noem: 20 spelers van die Boland-akademie en 16 van die WP-akademie is reeds tot hul onderskeie provinsiale spanne bevorder, terwyl vier van die Boland en een van die WP al in die SA nasionale span gespeel het.

Op nasionale vlak gaan krieket na die Wêreldbeker-toernooi deur 'n proses van selfondersoek en nabetragting. Tog kan daar gemoedsrus wees in die wete dat op grondvlak, veral in die Wes-Kaap, 'n stewige grondslag gelê word vir spelers wat vorentoe op provinsiale en nasionale vlak die vaandel moet dra.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Ikamva Labantu **–** In vennootskap met VenFin dra Remgro grootliks die administrasiekoste van hierdie gemeenskaps-organisasie.

Ikamva Labantu het meer as 'n duisend gemeenskaps-projekte onder sy beskerming en die ondersteuning wat hy van Remgro en VenFin ontvang, help om finansiële gemoedsrus te gee aan mense wat in die voorste linie betrokke is by armoedeverligting.

Hieroor sê mev Helen Lieberman, direkteur van Ikamva, in 'n onlangse verslag:

"Dié sekuriteit het ons toegelaat om 'n stadium van ontwikkeling te bereik waar ons in staat is om krities na ons werk te kyk, die behoefte aan transformasie van ons organisasie te verstaan en ons opnuut daartoe te verbind om professioneel en doeltreffend te wees."

"Danksy hierdie borgskap," sê mnr Sipho Puwani (besturende direkteur), "is daar stabiliteit in die organisasie; is personeel gemotiveer omdat hulle weet dat daar volhoubaarheid is; is Ikamva gefokus op dienslewering en die identifisering van kritieke areas waar ingryping nodig is; word meer tyd bestee aan die implementering van programme eerder as om maniere te soek om die organisasie aan die lewe te hou; en het Ikamva nou die vermoë om kundige personeel te lok."

Tuisgebaseerde sorg, skoolgereedheidsprogramme, kinder- en gesinsorgsentra, vaardigheidsontwikkeling, bejaardesorg, spesiale programme vir gestremdes en die verskaffing van rolstoele is slegs enkele van die vele terreine waarop Ikamva Labantu bedrywig is.

Stigting vir Orgaanskenkers van SA **–** Die groep waaruit Remgro ontwikkel het, is reeds vir 35 jaar direk betrokke by die verligting van gesondheidsnood. Van 1968 tot 1993 is 'n *Mediese Wisseldiens* in stand gehou waardeur mediese hulp aan Lesotho verskaf is. In die 25 jaar wat die diens gelewer is, is meer as 5 000 operasies oor naweke uitgevoer deur vrywilligers uit die mediese beroep in Suid-Afrika.

Sedert 1990 ondersteun die maatskappy 'n program van die SA Stigting vir Orgaanskenkers, naamlik *'n Geskenk van die Lewe*. Vier vlugte, waarby die personeel van Falconair met groot onderskeiding betrokke is, word jaarliks geborg om lewegewende organe vir noodoperasies te vervoer.

DATUMS VAN BELANG VIR AANDEELHOUERS

Finansiële jaareinde	31 Maart
Algemene jaarvergadering	26 Augustus 2003
Finansiële verslae	
Aankondiging van tussenresultate	November
Tussenverslag	Desember
Aankondiging van jaarresultate	Junie
Finansiële jaarstate	Julie
Dividende	
Tussendividend	
– verklaar	November
– betaal	Januarie
Finale dividend	
– verklaar	Junie
– betaal	Augustus

Remgro
Beperk

FINANSIËLE VERSLAG

2003

Remgro

Beperk

INHOUD

Verklaring van verantwoordelikheid deur die raad van direkteure	32
Verklaring deur die maatskappysekretaris	33
Verslag van die onafhanklike ouditeure	33
Verslag van die raad van direkteure	34
Rekeningkundige beleid	41
Balansstate	44
Inkomstestate	45
State van veranderinge in ekwiteit	46
Kontantvloeistate	47
Aantekeninge by die finansiële jaarstate	48
Bylaag A – Belangrikste filiaalmaatskappye	68
Bylaag B – Belangrikste beleggings	69
Bylaag C – Beduidende geassosieerde maatskappye	70
Bylaag D – Inligting oor sake- en geografiese segmente	72
Administrasie	74
Kennisgewing aan aandeelhouers	75
Verduidelikende notas by die kennisgewing aan aandeelhouers	77
Riglyne vir die gebruik van:	78
– Volmagvorm	Aangeheg
– Stemopdragvorm	Aangeheg

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn. Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik om oor die finansiële jaarstate verslag te doen.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, op die lopende saak grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige jaar is, met die uitsondering van die verantwoording van die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema en die implementering van die Suid-Afrikaanse Standpunt van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, RE 433: Konsolidasie en ekwiteitsverantwoording – Potensiële stemregte en allokasie van eienaarsbelang, en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch
24 Junie 2003

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee, dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy verlang word, ingelewer is by die Registrateur van Maatskappye en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.

Mariza Lubbe

Sekretaris

Stellenbosch

24 Junie 2003

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Remgro Beperk soos uiteengesit op bladsye 34 tot 73 vir die jaar geëindig 31 Maart 2003 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

OMVANG

Ons het ons oudit ooreenkomstig standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesentlike wanvoorstelling in die finansiële state is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, asook
- 'n oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

OUDITMENING

Na ons mening bied die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 31 Maart 2003 en van die resultate van hul bedrywighede, veranderinge in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.



Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Stellenbosch

24 Junie 2003

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

Geagte Aandeelhouer
Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye.

Die belange van die groep bestaan hoofsaaklik uit beleggings in onder andere tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, ingenieurswese en motorkomponente, kleefstowwe, langtermynversekering, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

RESULTATE

Jaar geëindig 31 Maart:	**2003**	2002
Wesensverdienste (R miljoen)	**4 914**	4 252
– per aandeel (sent)	**945.8**	814.5
Basiese verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	**8 744**	3 507
– per aandeel (sent)	**1 682.9**	671.8
Dividende (R miljoen)*	**1 295**	1 597
– gewoon – per aandeel (sent)	**248.00**	206.00
– spesiaal – per aandeel (sent)	**–**	100.00

** Die finale dividend van 160 sent (2002: 133 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie.*

BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R)

R&R besit 604.3 miljoen gewone aandele en 120.9 miljoen omskepbare aflosbare deelnemende voorkeuraandele in British American Tobacco Plc (BAT). Die voorkeuraandele sal op 7 Junie 2004 teen 'n vaste prys van 675 pennies per aandeel vir kontant afgelos word, tensy dit voor dié datum verkoop word, in welke geval die voorkeuraandele outomaties in BAT-gewone aandele sal omskep.

Gedurende Januarie 2003 het R&R verhandelbare koopopsies, wat op die Luxembourg Aandelebeurs genoteer is, uitgereik. Dié koopopsies gee aan die houer van elke opsie die reg om op 28 Mei 2004 een gewone BAT-aandeel van R&R te ontvang teen betaling van 675 pennies. Die uitreiking van die koopopsies verbind R&R effektief tot die vervreemding van die BAT-voorkeuraandele, hetsy deur die uitoefening van die opsies, of deur die aflossing daarvan deur BAT. Die koopopsies realiseer die waarde van die opsieregte vervat in die voorkeuraandele.

Sedert Januarie 2003 verantwoord R&R nie meer hierdie voorkeuraandele as deel van sy ekwiteitsbelegging in BAT nie, maar as skuld teen die verdiskonteerde huidige waarde van die 675 pennies ontvangbaar in Junie 2004, sowel as die huidige waarde van die verwagte dividende ontvangbaar. Dié hantering weerspieël die beperkte lewensduur van die BAT-voorkeuraandele. Die herklassifikasie van die belegging in BAT-voorkeuraandele het daartoe gelei dat R&R 'n uitsonderlike wins gerapporteer het, synde die verskil tussen die waardasie en boekwaarde. Remgro se deel van dié wins beloop R3 204.4 miljoen en is as 'n uitsonderlike item verantwoord. Vir die nege maande geëindig 31 Desember 2002 was R&R se effektiewe belang in BAT 31.5%. Dit weerspieël die belang in beide die gewone en voorkeuraandele. Vir die driemaande-periode geëindig 31 Maart 2003 het R&R sy effektiewe 27.9% belang in BAT-gewone aandele volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, terwyl die beweging in die huidige waarde van die voorkeuraandele as beleggingsinkomste verantwoord is. Laasgenoemde word verder uitgebrei in die Tabakgedeelte in die Algemene Oorsig.

Terugkoop van Remgro-aandele

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro se volfiliaalmaatskappy, Remgro Investments (Eiendoms) Beperk, 11 616 128 gewone aandele teen 'n totale koste van R704.4 miljoen, of R60.64 per aandeel, aangekoop. Dit verteenwoordig 2.4% van die uitgereikte gewone aandele en word as tesourie-aandele gehou.

Standard Bank Investment Corporation Beperk (Stanbic)
Die 3.1 miljoen Stanbic-aandele wat in April 2000 by wyse van 'n dividend in spesie uit Gencor Beperk se ontbondeling ontvang is, is gedurende Mei 2002 vir R110.6 miljoen verkoop. 'n Kapitaalsurplus van R77.1 miljoen, na belasting, is met dié transaksie gerealiseer, en is as 'n uitsonderlike item verantwoord.

FirstRand Beperk (FirstRand)
'n Verdere belegging van R111 miljoen is gedurende Mei 2002 in FirstRand gemaak. Sedertdien is Remgro se direkte belang in FirstRand 9.6%.

Malbak Beperk (Malbak)
Die reëlingskema tussen Malbak en sy aandeelhouers is op 14 Augustus 2002 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika bekragtig. Ingevolge die skema het Remgro 74 374 104 Nampak Beperk (Nampak) -aandele en R167.7 miljoen in kontant ontvang in ruil vir sy Malbak-aandele. 'n Kapitaalsurplus van R310.4 miljoen, na belasting, is met dié transaksie gerealiseer, en is as 'n uitsonderlike item verantwoord. Gedurende Augustus 2002 het Remgro 'n verdere belegging van R159.0 miljoen in Nampak gemaak. Sedertdien is Remgro se belang in Nampak 13.5%.

Die resultate van Malbak is vir die vier maande tot 31 Julie 2002 en dié van die vergrote Nampak vir die agt maande tot 31 Maart 2003 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Universa (Eiendoms) Beperk (Universa)
Op 20 Augustus 2002 het die Mynwerknemers Pensioenfonds en Sentinel Mynindustrie-aftreefonds (gesamentlik die MPFe), Sage Groep Beperk (Sage) en Financial Securities Beperk (FSL), 'n volfiliaal van Remgro, (gesamentlik die Universa-aandeelhouers) en Sanlam Beperk (Sanlam) bekend gemaak dat hulle die ooreenkomste tussen hulle ten opsigte van hulle belange in Absa Groep Beperk (Absa) herstruktureer het. Hierbenewens het FSL, die MPFe en Sanlam 'n nuwe Absa-aandeelhouersooreenkoms aangegaan. Sage het verkies om hom aan die bestaande Absa-aandeelhouersooreenkoms te onttrek en neem nie deel aan die nuwe Absa-aandeelhouerspoel nie.

Die ontbondeling van Universa se aandeelhouding in Absa is op 8 November 2002 gefinaliseer. Aansoek om die vrywillige likwidasie van Universa is op 22 Januarie 2003 gedoen. Remgro se direkte belang in Absa is 9.4%.

Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk (HL&H)
Die reëlingskemas waarvolgens Industrial Partnership Investments Beperk (IPI), 'n volfiliaal van Remgro, al die gewone en voorkeuraandele wat hy nie in HL&H besit het nie, verkry het, is op 22 Oktober 2002 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika bekragtig.

Die notering van HL&H-aandele op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika (JSE) is op 28 Oktober 2002 beëindig. Kragtens die reëlingskemas het IPI op 4 November 2002 60.0 miljoen HL&H-gewone aandele en 37.9 miljoen HL&H-voorkeuraandele verkry vir 'n totale bedrag van R985.6 miljoen. HL&H is sedertdien 'n volfiliaal van Remgro.

Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk (Robertsons)
Daar is gedurende September 2001 aangekondig dat Robertsons en Unilever Plc (Unilever) 'n beginselooreenkoms gesluit het ingevolge waarvan beide beoog het om hul belange in die gesamentlike onderneming tussen Robertsons en Bestfoods Europa te herstruktureer. Dit was 'n regstreekse gevolg van Unilever se verkryging van Bestfoods se wêreldwye belange.

Met ingang van 1 April 2002 het die nuwe Unilever Bestfoods Robertsons (UBR) onderneming, waarin Robertsons 41% hou, tot stand gekom. Vanaf dié datum word die belang in UBR geëkwiteer. In die verlede is die belang in die vorige Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming proporsioneel gekonsolideer.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic)

Die belang in Medi-Clinic het op 31 Maart 2003 52.4% beloop. Voorheen is die belang bo 50% tydelik geag weens personeelopsies wat nog nie uitgeoefen is nie en wat die belang tot 50% of minder sou verwater. Weens die terugkoop van aandele deur Medi-Clinic, sal dié verwagte verwatering tot minder as 50% waarskynlik nie plaasvind nie en gevolglik is Medi-Clinic vanaf 1 April 2002 as 'n filiaalmaatskappy gekonsolideer.

Sedert die jaareinde:

Total South Africa (Eiendoms) Beperk

'n Bemagtigingstransaksie is onlangs aangekondig. Die aandeelhouers van Total South Africa, naamlik Total Frankryk, Remgro en Old Mutual, het op 30 April 2003 hul aandeelhouding herskik en Total South Africa het 25% van sy stemdraende kapitaal aan Tosaco (Eiendoms) Beperk (Tosaco) vir kontant uitgereik. Total Frankryk hou nou 50.1% van Total South Africa, Remgro 24.9% en Tosaco 25.0%.

Gencor Beperk (Gencor)

Die ontbondeling van Gencor se belang in Impala Platinum Holdings Beperk (Impala) by wyse van 'n dividend in spesie is op 25 April 2003 deur Gencor se aandeelhouers goedgekeur.

Gencor-aandeelhouers het hul Impala-aandele op 18 Junie 2003 ontvang. Ingevolge die JSE se noteringsvereistes sal Gencor se notering ses maande ná die voorgestelde ontbondeling opgeskort word. Remgro se belang in Impala sal ongeveer 5.0% wees en sal nie volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word nie.

Sage Groep Beperk (Sage)

Op 9 April 2003 het Sage aangekondig dat dié maatskappy beoog om addisionele kapitaal ten bedrae van R350 miljoen te bekom.

Dit sal gedoen word deur 'n uitgifte van aandele aan 'n konsortium van beleggers, verteenwoordig deur, en wat insluit, AVASA Holdings Beperk, sowel as 'n regte-uitgifte aan alle aandeelhouers van Sage.

Remgro se maksimum blootstelling ingevolge die onderskrywingsooreenkoms beloop R92.5 miljoen.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

Vorige jaar aansuiwerings

Verandering in rekeningkundige beleid

Die rekeningkundige beleid ten opsigte van die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema (die "skema") is verander.

In die verlede is die verwaterde wesens- en basiese verdienste per aandeel gebaseer op die geweegde aantal uitgereikte aandele na aanpassing vir die verwateringseffek van aandele wat aan deelnemers van die skema uitgereik sou word. Die trustees van die aandeletrust het intussen besluit om aandele vir hierdie doel eerder in die ope mark aan te koop en 3 950 000 aandele ten bedrae van R277 miljoen is in Junie 2002 aangekoop.

Die beraamde koste van die skema, na inagname van dividende ontvang op die betrokke aandele, word gelykmatig oor 'n tydperk van vier jaar teen inkomste en wesensverdienste verantwoord, met 'n ooreenstemmende krediet teen ekwiteit. Die vergelykende syfers is hersaamgestel ten opsigte van die gedeelte wat toedeelbaar is aan die verstreke tydperke. Die uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op die wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel was soos volg:

Wesensverdienste	31 Maart 2002 R miljoen
Voorheen gerapporteer	4 277
Netto skemakoste vir die jaar	(25)
Hersaamgestelde wesensverdienste	4 252

Netto skemakoste vir die jaar tot 31 Maart 2003 bedra R16 miljoen.

Wesensverdienste per aandeel	31 Maart 2002 Sent
Voorheen gerapporteer	819.3
Netto skemakoste vir die jaar	(4.8)
Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel	814.5

Netto skemakoste per aandeel vir die jaar tot 31 Maart 2003 bedra 3.1 sent.

RE 433

Gedurende die jaar onder oorsig het die maatskappy RE 433: Konsolidasie en ekwiteitsverantwoording – Potensiële stemregte en allokasie van eienaarsbelang, geïmplementeer. Die uitwerking op verdienste vir die jaar geëindig 31 Maart 2002 was nie wesentlik nie, derhalwe is die vergelykende inkomstestaat nie hersaamgestel nie.

Vergelykbaarheid

Sekere balansstaat- en inkomstestaatitems is nie direk vergelykbaar met dié van die vorige finansiële jaar nie as gevolg van:

a) die konsolidasie van Medi-Clinic as 'n filiaalmaatskappy vanaf 1 April 2002, terwyl dit voorheen as 'n geassosieerde maatskappy geëkwiteer was, en

b) die ekwitering van die belang in Unilever Bestfoods Robertsons vanaf 1 April 2002, terwyl die belang in die vorige Bestfoods Robertsons gesamentlike onderneming in die verlede proporsioneel gekonsolideer was.

Balansstaat

Die ontleding van "Ekwiteit" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die afdelings aan waarin die belange ingedeel is. Elke afdeling verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	2003		2002	
	R miljoen	**R per aandeel**	R miljoen	R per aandeel
Ekwiteit aangewend				
Belang van eie lede	**27 809**	**54.49**	24 062	46.10
Aanwending van ekwiteit				
Handelsmerkbelange	**10 001**	**19.59**	8 117	15.55
Finansiële dienste	**8 735**	**17.11**	8 222	15.75
Nywerheidsbelange	**5 877**	**11.52**	4 158	7.97
Mynbelange	**866**	**1.70**	748	1.43
Korporatiewe finansies en ander belange	**2 330**	**4.57**	2 817	5.40
	27 809	**54.49**	24 062	46.10

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

Inkomstestaat

	2003 R miljoen	2003 %	2002 R miljoen	2002 %
Bron van wesensverdienste				
Handelsmerkbelange	**2 498**	**51**	2 167	51
Finansiële dienste	**1 121**	**23**	958	23
Nywerheidsbelange	**696**	**14**	570	13
Mynbelange	**322**	**7**	306	7
Korporatiewe finansies en ander belange	**277**	**5**	251	6
	4 914	**100**	4 252	100

	2003 R miljoen	2002 R miljoen
Samestelling van wesensverdienste		
Filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings	**600**	389
Winste	**605**	395
Verliese	**(5)**	(6)
Geassosieerde maatskappye	**4 314**	3 863
Winste	**4 316**	3 914
Verliese	**(2)**	(51)
	4 914	4 252

MAATSKAPPY NETTO WINS EN AANWENDING

Die maatskappy se eie verdeelbare reserwes aan die begin van die jaar bedra	**8 000**	7 350
Netto wins vir die jaar	**1 352**	1 584
Dividend Nr 4 van 133.00c per aandeel betaal in Augustus 2002 (2001: 106.00c)	**(694)**	(553)
Spesiale dividend van 100.00c per aandeel betaal in Augustus 2002	**(522)**	–
Dividend Nr 5 van 88.00c per aandeel betaal in Januarie 2003 (2002: 73.00c)	**(460)**	(381)
Die maatskappy se eie verdeelbare reserwes wat oorgedra word na die volgende jaar bedra	**7 676**	8 000

AANDELESKEMA

Gedurende die jaar het die trustees van die Remgro Aandeleskema (die "skema") van die gewone aandele aan deelnemers aangebied soos volg: (Verwys ook aantekening 27)

Datum	Aanbod-prys (Rand)	Aantal aandele aangebied	Aantal aandele aanvaar op 31 Maart 2003
02/04/2002	63.00	11 169	11 169
03/06/2002	69.80	8 181	2 722
01/07/2002	69.40	1 361	1 361
01/08/2002	68.00	4 868	4 868
25/11/2002	68.50	321 204	–
02/12/2002	66.20	1 736	–
23/01/2003	63.00	383 896	–
		732 415	20 120

Die huidige stand van die Remgro Aandeleskema is soos volg:

	Gemiddelde aandbodprys (Rand)	Aantal aandele
Gewone aandele aangebied en aanvaar:		
Vorige finansiële jaar	44.31	3 952 638
Aangebied en aanvaar in huidige finansiële jaar	65.56	20 120
Aangebied in vorige finansiële jaar en aanvaar in huidige finansiële jaar	63.11	24 123
Diensverlatings		(32 198)
Totaal aanvaar soos op 31 Maart 2003	44.53	3 964 683

Die aanbiedinge is geldig vir een jaar vanaf die datum van aanbod. Die skema is 'n uitgestelde aankoopskema en betaling geskied in drie gelyke jaarlikse paaiemente waarvan die eerste paaiement eers na drie jaar betaalbaar word. Deelnemers het geen regte tot lewering, stemming of dividende op aandele voordat betaling geskied nie. Deelnemers kan kies om op 'n later datum te betaal met die gevolglike uitstel van regte. Betaling moet egter voor die verstryking van tien jaar geskied.

DIENSMAATSKAPPY

'n Ooreenkoms is in 2000 met 'n diensmaatskappy, M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk (M&I), aangegaan om bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro te verskaf. Die aandeelhouers van M&I is werknemers van M&I, wat al die uitgereikte gewone aandele besit. Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk (Rembrandt Trust) besit al die A-gewone aandele van M&I. Die A-gewone aandele het slegs stemreg, maar het geen regte tot die inkomste of bates van M&I nie.

Remgro betaal fooie aan M&I wat die oorhoofse koste ten opsigte van die bestuur van Remgro dek. Hierdie fooie sal nie 0.463% per jaar van die markkapitalisasie van Remgro, bereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie oorskry word sonder dat 75% van alle klasse aandeelhouers van Remgro daartoe instem nie. Die fooie vir die afgelope jaar word in aantekening 16 by die finansiële jaarstate aangedui.

HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.2% van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 4.

FILIAALMAATSKAPPYE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en ander beleggings word in Bylae A en B uiteengesit.

DIREKTEURE

Mnr P J Erasmus het op 28 Augustus 2002 as 'n nie-uitvoerende direkteur afgetree.

Die name van die direkteure verskyn op bladsye 6 en 7.

Kragtens die bepalings van die statute tree mnre D M Falck, J F Mouton, F Robertson, J P Rupert en P G Steyn volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

Die volgende direkteure van die maatskappy dien op direksiekomitees:

Oudit-en-risikokomitee: Mnre P G Steyn, D M Falck, J F Mouton en F Robertson.

Vergoedings-en-nominasiekomitee: Mnre J P Rupert, P K Harris, J F Mouton en F Robertson.

Mnr P J Erasmus het op 28 Augustus 2002 uitgetree as voorsitter van die ouditkomitee en as lid van die vergoedingskomitee. Mnr P G Steyn is op 28 Augustus 2002 aangestel as voorsitter van die ouditkomitee.

BELANG VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy, het in totaal op 31 Maart 2003, 0.63% (2002: 0.63%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 5.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

DIREKTEURSVERGOEDING

Die raad beveel aan dat die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, op R900 420 (2002: R499 000) vasgestel word.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappye van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig en die noteringsvereistes van die JSE.

Spesiale besluite om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen, is ingesluit in die kennisgewing vir die algemene jaarvergadering wat op bladsy 75 verskyn.

DIVIDENDE

Dividend Nr 6

'n Finale dividend van 160 sent (2002: 133 sent) per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2003 geëindig het.

Saam met die tussendividend van 88 sent (2002: 73 sent) per aandeel wat gedurende Januarie 2003 betaal is, bedra die totale dividende vir die finansiële jaar 248 sent (2002: 206 sent) per aandeel.

Betaling

Die finale dividend is betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 15 Augustus 2003, geregistreer is.

Aandeelhouers wat op die betaaldatum, Maandag 18 Augustus 2003, steeds gesertifiseerde aandele hou, se dividende sal volgens bestaande opdragte elektronies oorbetaal word in hul bankrekeninge of anders sal tjeks na hulle geregistreerde adresse gepos word.

Dividende ten opsigte van gedematerialiseerde aandele word deur middel van die STRATE-stelsel betaal.

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 11 Augustus 2003 tot Vrydag, 15 Augustus 2003, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 74.

GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsye 34 tot 73 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter

Stellenbosch
24 Junie 2003

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

Die finansiële jaarstate word hoofsaaklik volgens die historiese kostegrondslag ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel en inkorporeer die volgende rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige jaar is, met die uitsondering van die verantwoording van die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema en die implementering van Suid-Afrikaanse Standpunt van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, RE 433: Konsolidasie en ekwiteitsverantwoording – Potensiële stemregte en allokasie van eienaarsbelang:

(I) KONSOLIDASIE, EWEREDIGE KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle maatskappye waarin die groep, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou of andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die bedrywighede uit te oefen, word op die gebruiklike wyse in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit.

Die resultate van filiaalmaatskappye gekoop of verkoop gedurende die jaar is ingesluit by die gekonsolideerde inkomstestaat vanaf of tot die datum waarop effektiewe beheer verkry is of staak.

In gevalle waar die groep se beherende belang slegs tydelik van aard is, word die betrokke maatskappye nie gekonsolideer nie maar volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord.

Eweredige konsolidasie – gesamentlike ondernemings

Alle ondernemings wat gesamentlik beheer word, word volgens die eweredige konsolidasiemetode verantwoord. Volgens hierdie metode word die toeskryfbare gedeelte van bates, verpligtinge, inkomste, uitgawes en kontantvloei in die gekonsolideerde state opgeneem. Die belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas.

Ekwiteitsverantwoording – geassosieerde maatskappye

Maatskappye wat nóg filiale nóg gesamentlike ondernemings is, maar waarin 'n langtermynbelang gehou word, en oor wie se finansiële- en bedryfsbeleid 'n beduidende invloed uitgeoefen kan word, word volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate op jaareinde onderskeidelik, verantwoord. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas. Die groep se belang in ander bewegings in die reserwes van geassosieerde maatskappye word as veranderings in gekonsolideerde nie-verdeelbare reserwes verantwoord.

Die resultate van geassosieerde maatskappye gekoop of verkoop word by die gekonsolideerde inkomstestaat ingesluit vanaf en tot die datum waarop beduidende effektiewe invloed begin of staak.

(II) EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING EN WAARDEVERMINDERING

Huurbates – Bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, word teen die ekwivalente kontant koopprys gekapitaliseer. Die bates word ingevolge die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf. Finansieringskoste word oor die tydperk van die bruikhuur ingevolge die effektiewe rentekoers metode afgeskryf. Die huur van bates in terme waarvan alle risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg effektief deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshure word teen normale inkomste verreken.

Voorproduksiekoste en rente – Voorproduksiekoste en rente op geleende fondse ten opsigte van wesentlike kapitaalprojekte onder konstruksie word gekapitaliseer totdat sodanige bates voltooi is en gereed is vir inbedryfstelling.

Grond en geboue – word teen kosprys getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien. Verbeteringe aan gehuurde eiendom word getoon teen kosprys en oor die periode van die huur afgeskryf.

Masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie – word teen kosprys getoon. Waardevermindering word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien.

Landbou-ontwikkelingskoste – Landbou-ontwikkelingskoste verteenwoordig aanplantings- en ander ontwikkelingsuitgawes van suikerplantasies en ander landbougewasse. Hierdie uitgawes word in die vestigingsjaar gekapitaliseer en ingevolge die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf. Deurlopende bewerkingskoste word afgeskryf in die jaar waarin dit aangegaan is.

Waar geïdentifiseer word dat die verhaalbare bedrag van bates gedaal het benede die betrokke bates se drabedrag, word die drabedrag verminder ten einde dié waardedaling te reflekteer. Sulke afskrywings word teen normale inkomste verreken.

(III) BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en kapitaalwaarde toe te voeg. Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys min opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien.

Beleggingseiendomme word elke derde jaar gewaardeer deur eksterne onafhanklike professionele waardeerders. Waar 'n waardedaling in die drawaarde van bates geïdentifiseer word, word die drawaarde verminder. Sulke bedrae afgeskryf, word teen normale inkomste verreken.

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

(IV) ONTASBARE BATES

Klandisiewaarde **–** Met die verkryging van 'n belegging word redelike waardes soos op datum van belangsverkryging aan identifiseerbare bates en laste verkry, toegedeel.

Die klandisiewaarde of negatiewe klandisiewaarde is die verskil tussen die koste van die beleggings en die redelike waardes van toeskryfbare netto bates van die filiaalmaatskappye, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van belangsverkryging. Klandisiewaarde of negatiewe klandisiewaarde word as nie-bedryfsbates in die balansstaat verantwoord en geamortiseer op die reguitlynmetode oor die verwagte nuttige lewensduur daarvan, wat nie twintig jaar sal oorskry nie. Waar die netto bates van filiaalmaatskappye, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van verkryging meer is as die koste van die beleggings, word dié verskil as negatiewe klandisiewaarde verantwoord.

Handelsmerke **–** Die koste van handelsmerke wat self ontwikkel en gevestig word, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Die waardes daarvan word gevolglik nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van handelsmerke wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf, wat nie twintig jaar sal oorskry nie.

Navorsing- en ontwikkelingskoste **–** Navorsing- en ontwikkelingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die bate-erkenningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf.

(V) BELEGGINGS

Geassosieerde maatskappye **–** word teen kosprys getoon, na aansuiwering vir klandisiewaarde. In die gekonsolideerde jaarstate word die belang in na-verkrygingsreserwes en behoue inkomste wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is in die drawaarde ingesluit.

Ander langtermynbeleggings **–** word teen kosprys getoon min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings word as uitsonderlike items verantwoord.

Portefeuljebeleggings **–** word teen kosprys getoon min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings, asook winste en verliese met realisasie, word teen normale inkomste verreken.

(VI) VOORRAAD EN ONVOLTOOIDE KONTRAKTE

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste bepaal word is, die eerste-in-eerste-uit kostemetode. Waar van toepassing, word voorsiening vir stadigbewegende en verouderde voorraad gemaak. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in.

(VII) BELASTING

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die balansstaat-aanspreeklikheidsmetode en deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse. Voorsiening word gemaak vir alle tydelike verskille tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes in die balansstaat. Geen uitgestelde belastingaanspreeklikheid word erken in daardie omstandighede waar die aanvanklike erkenning van 'n bate of las geen invloed het op rekeningkundige of belasbare inkomste nie. Geen uitgestelde belastingbates word erken op aangeslane verliese nie, tensy dit waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees in toekomstige periodes waarteen dié aangeslane verliese aangewend kan word.

Sekondêre belasting op maatskappye word voorsien ten opsigte van dividendbetalings, netto van dividende ontvang of ontvangbaar, en word erken as 'n belastinguitgawe vir die jaar.

(VIII) BUITELANDSE VALUTA

Transaksies in buitelandse geldeenhede word verantwoord teen die wisselkoerse wat op die transaksiedatums heers. Monetêre items in buitelandse valuta word op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse na SA rand omgereken. Wisselkoersverskille wat hieruit ontstaan, word saam met gerealiseerde wisselkoersverskille op termynvalutakontrakte in inkomste verantwoord.

Bates, laste en reserwes van buitelandse entiteite word op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse na SA rand omgereken. Bedryfsresultate van buitelandse filiale en inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye word na SA rand omgereken teen 'n gemiddeld van die wisselkoerse wat vir elke betrokke geldeenheid gedurende die jaar geheers het. Verskille wat met omrekening ontstaan, word as wisselkoersaanpassings in reserwes verantwoord.

(IX) FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente sluit in items in die balansstaat getoon asook buite-balansstaat instrumente.

Finansiële instrumente in die balansstaat getoon sluit in kontant en kontantekwivalente, beleggings, handels- en ander debiteure, handels- en ander krediteure, voorsienings, bruikhure en lenings.

Sekere groepmaatskappye is ook deelnemers in finansiële instrumente wat ten doel het om die groep se blootstelling aan veranderings in buitelandse valutawisselkoerse te verminder. Hierdie instrumente, wat hoofsaaklik uit termyn-valutakontrakte bestaan, word nie met hul ontstaan in die finansiële state verantwoord nie.

Die billike waarde en die metodes van erkenning van finansiële instrumente word in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

Waar vir die aflossing van lenings voorsiening gemaak word deur middel van beleggings in finansiële instrumente wat kontraktueel die reg verleen dat dit teen die lening verreken mag word en daar verwag word dat die lening op hierdie manier afgelos sal word, word die verwante balansstaat items teen mekaar verreken.

(x) Voorsienings

Voorsienings word erken wanneer 'n huidige wetlike of konstruktiewe verpligting ontstaan as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te vereffen, en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Werknemers se geregtigheid op verlof word erken wanneer dit ophoop ten gunste van die betrokke werknemers. 'n Voorsiening word gemaak vir die beraamde aanspreeklikheid vir verlof as gevolg van dienste wat deur werknemers gelewer word tot op balansstaatdatum.

(xi) Werknemervoordele

Pensioenverpligtinge – Maatskappye in die groep verskaf omskrewevoordeel- en omskrewebydrae-fondse vir die voordeel van werknemers. Die bates van dié fondse word in afsonderlike trustee-bestuurde fondse gehou. Die fondse word deur betalings van die werknemers en die groep befonds, gebaseer op aanbevelings deur onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse.

Die rekeningkundige pensioenkoste van die omskrewevoordeel-fondse word bepaal deur gebruik te maak van die geprojekteerde kredieteenhede-metode. Ingevolge dié metode word die koste om pensioene te voorsien in die inkomstestaat verreken deur die koste te versprei oor die dienstermyn van werknemers in ooreenstemming met advies van gekwalifiseerde aktuarisse, wat elke drie jaar volle waardasies van die fondse doen. Die pensioenverpligting word bepaal volgens die huidige waarde van die geskatte toekomstige kontantuitvloeie deur gebruik te maak van rentekoerse van staatseffekte wat ongeveer dieselfde terme tot vervaldatum het as die verwante verpligting.

Die netto surplus of tekort van die voordeelverpligting, is die verskil tussen die huidige waarde van die befondsde verpligtinge en die billike waarde van die fondsbates.

Alle aktuarië1e winste en verliese word versprei in die toekoms oor die gemiddelde oorblywende werkslewe van die werknemers.

Die groep se bydrae tot die omskrewebydrae-pensioenfondse word verreken in die inkomstestaat in die tydperk waarop dit betrekking het.

Na-aftrede mediese verpligtinge – Die groep verskaf na-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die geregtigheid op na-aftrede mediese voordele is gebaseer op die vereiste dat die werknemers in diens bly tot aftrede en die voltooiing van 'n minimum diensperiode.

Die verwagte koste van dié voordele word as uitgawe hanteer en die verpligting word oor die periode van diens geakkumuleer deur gebruik te maak van rekeningkundige metodologie wat ooreenstem met dié van omskrewevoordeel-pensioenfondse. Waardasies van dié verpligtinge word uitgevoer deur onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse.

(xii) Kontant en kontantekwivalente

Vir doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, daggelddeposito's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekkings word in die balansstaat by korttermyn rentedraende lenings ingesluit.

(xiii) Inkomste erkenning

Inkomste uit die verkoop van produkte word verantwoord wanneer die wesentlike risiko's en voordele van eienaarskap na die koper oorgedra is. Inkomste uit dienste word verantwoord sodra die diens gelewer is. Rente word op 'n tydsbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig word.

(xiv) Tesourie-aandele

Aandele in die maatskappy wat deur 'n volfiliaalmaatskappy gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer en teen kosprys getoon. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die uitgereikte aantal aandele hanteer en in berekening gebring by die bepaling van die geweegde gemiddelde aantal aandele. Die kosprys van die aandele word teen die groep se ekwiteit verreken.

(xv) Langtermyn aandele-aansporingskema

Die beraamde koste van die skema, na inagname van dividende ontvang op die betrokke aandele, word gelykmatig oor 'n tydperk van vier jaar teen inkomste en wesensverdienste verantwoord, met 'n ooreenstemmende krediet teen ekwiteit.

BALANSSTATE

OP 31 MAART 2003

		Gekonsolideerd		Die maatskappy	
		2003	2002	**2003**	2002
	Aantekeninge	**R miljoen**	R miljoen	**R miljoen**	R miljoen
Bates					
Nie-bedryfsbates					
Besonderhede van beleggings in en inkomste vanaf geassosieerde maatskappye verskyn in aantekeninge 4 en 21 onderskeidelik, asook in Bylae B en C. Rente inkomste vanaf geassosieerde maatskappye bedra R180 miljoen (2002: R87 miljoen) en is ingesluit in rente ontvang. Rente betaal aan geassosieerde maatskappye bedra R2 miljoen (2002: R10 miljoen) en is ingesluit in finansieringskoste. Fooie vanaf geassosieerde maatskappye bedra R7 miljoen (2002: R9 miljoen).

Direkteure

Inligting oor direkteursvergoeding en aandeelhouding in die maatskappy verskyn in aantekeninge 26 en 27 en in die verslag van die raad van direkteure.

Aandeelhouers

Besonderhede van die hoofaandeelhouer verskyn in die verslag van die raad van direkteure. 'n Gedetailleerde ontleding van aandeelhouers verskyn op bladsy 4 van die jaarverslag.

BYLAAG A

BELANGRIKSTE FILIAALMAATSKAPPYE OP 31 MAART 2003

NAAM VAN MAATSKAPPY In Suid-Afrika geïnkorporeer tensy anders vermeld		UITGEREIKTE KAPITAAL R (tensy anders vermeld)	EFFEKTIEWE BELANG 2003 %	 2002 %	GEHOU DEUR MAATSKAPPY AANDELE 2003 R	 2002 R	 LENING 2003 R miljoen	 2002 R miljoen
Handelsmerkbelange								
Remgro International Holdings (Edms) Beperk		2	**100.0**	100.0	**2**	2		
Remgro Investments Limited – Jersey	(GBP)	1 201 610	**100.0**	100.0				
Finansiële dienste								
Financial Securities Beperk		250 000	**100.0**	100.0	**250 000**	250 000		
Nywerheidsbelange								
Industrial Partnership Investments Beperk		125 000	**100.0**	100.0	**125 000**	125 000		
Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk	(1)	592 954 000	**100.0**	72.4				
– gehou deur Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk:								
– Robertsons Holdings (Edms) Beperk (100%)			**100.0**	72.4				
– Transvaal Suiker Beperk (100%)			**100.0**	72.4				
Rainbow Chicken Beperk	* (1)	1 090 423 000	**54.5**	55.7				
Wispeco Holdings Beperk		5 000 000	**100.0**	100.0				
Mynbelange								
Partnership in Mining Beperk		100	**100.0**	100.0	**100**	100		
Tegniese Mynbeleggings Beperk		2	**100.0**	100.0				
Korporatiewe finansies en ander belange								
Eikenlust (Edms) Beperk		100	**100.0**	100.0				
Entek Beleggings Beperk		810 630	**62.7**	62.1				
Historiese Huise van Suid-Afrika Beperk		555 000	**51.4**	51.4				
Medi-Clinic Korporasie Beperk	* (2)	35 007 000	**52.4**	52.3				
M.F.I. Investments (Edms) Beperk		2	**100.0**	100.0				
Remgro Finance and Services Beperk		100	**100.0**	100.0				
Remgro Finansieringskorporasie Beperk		300 000	**100.0**	100.0				
Remgro Investments (Edms) Beperk		4	**100.0**	100.0				
Remgro Leningskorporasie Beperk		700	**100.0**	100.0			**7 673**	7 997
Remgro Suid-Afrika (Edms) Beperk		48 614	**100.0**	100.0	**96 506**	96 506	**12**	12
Stellenryck Trust Beperk		700	**100.0**	100.0				
TTR Holdings (Edms) Beperk		7	**100.0**	100.0	**7**	7		
			Aantekening 5.1:		**471 615**	471 615	**7 685**	8 009

* *Genoteerde maatskappy*

(1) *Uitgereikte kapitaal sluit beide gewone aandele en verpligtend omskepbare voorkeuraandele in. Effektiewe belang word bepaal op 'n ten volle verwaterde grondslag.*

(2) In die vorige jaar nie gekonsolideer nie, omdat die belang as tydelik geag was.

(GBP) Britse pond

Besonderhede van diverse filiaalmaatskappye wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die besigheid van die groep nie, word nie aangetoon nie.

BYLAAG B

BELANGRIKSTE BELEGGINGS OP 31 MAART 2003

NAAM VAN MAATSKAPPY In Suid-Afrika geïnkorporeer tensy anders vermeld		GENOTEER 2003 AANDELE GEHOU	GENOTEER 2003 EFFEKTIEWE BELANG %	GENOTEER 2002 ANDELE GEHOU	GENOTEER 2002 EFFEKTIEWE BELANG %	ONGENOTEER 2003 AANDELE GEHOU	ONGENOTEER 2003 EFFEKTIEWE BELANG %	ONGENOTEER 2002 AANDELE GEHOU	ONGENOTEER 2002 EFFEKTIEWE BELANG %
Handelsmerkbelange									
R&R Holdings SA – Luxembourg	(1)								
– gewone aandele						316 000	33.3	316 000	33.3
– skuldbriewe						870 516	33.3	870 516	33.3
– gehou deur R&R Holdings SA:									
– British American Tobacco Plc – VK	(1)		9.3		10.5				
– gewone aandele (27.9%)									
– voorkeuraandele (100.0%)									
Remgro-KWV Beleggings Beperk	(2)					50	50.0	50	50.0
– gehou deur Remgro-KWV Beleggings Beperk:									
– Distell Groep Beperk (60%)			30.0		30.0				
Finansiële dienste									
RAB Beherend Beperk	(1)	274 109 670	23.1	274 109 670	23.1				
– gehou deur RAB Beherend Beperk:									
– FirstRand Beperk (32.8%)			7.6		7.6				
FirstRand Beperk	(1)	520 716 856	9.6	507 636 856	9.3				
Universa (Edms) Beperk	(1)								
– gewone aandele						–	–	7 875	39.4
– voorkeuraandele						–	–	2 705 643	35.5
– gehou deur Universa (Edms) Beperk:									
– Absa Groep Beperk (22.9%)			–		9.4				
Absa Groep Beperk	(1)	61 387 729	9.4	–	–				
Sagecor (Edms) Beperk	(1)					2 992	50.0	2 992	50.0
– gehou deur Sagecor (Edms) Beperk:									
– Sage Groep Beperk (18.3%)			9.2		9.0				
Sage Groep Beperk	(3)	10 848 109	7.0	10 724 315	7.3				
Nywerheidsbelange									
Air Products South Africa (Edms) Beperk	(1)					4 500 000	50.0	4 500 000	50.0
Dorbyl Beperk	(1)	14 058 346	42.4	14 058 346	42.6				
Henkel South Africa (Edms) Beperk	(2)								
– gewone aandele						4 812 500	50.0	4 812 500	50.0
– preferente gewone aandele						12 550 000	50.0	12 550 000	50.0
Malbak Beperk	(4)	–	–	276 742 707	58.0				
Nampak Beperk	(5)	86 774 104	13.5	–	–				
Unilever Bestfoods Robertsons Holdings Ltd LLC – VSA	(1)					8 200	41.0	–	–
Total South Africa (Edms) Beperk	(2)					15 500 000	34.4	15 500 000	34.4
Mynbelange									
Gencor Beperk	(2)	37 995 039	10.9	37 995 039	10.9				
Trans Hex Groep Beperk	(1)	35 215 000	41.1	35 215 000	41.9				
Ander belange									
Medi-Clinic Korporasie Beperk	* (1)	–	–	178 577 982	52.3				
Business Partners Beperk	#					28 696 220	16.0	28 696 220	16.0

Finansiële tydperk verantwoord:
(1) Twaalf maande tot 31 Maart 2003
(2) Twaalf maande tot 31 Desember 2002
(3) Nege maande tot 31 Desember 2002
(4) Vier maande tot 31 Julie 2002
(5) Agt maande tot 31 Maart 2003

* As filiaalmaatskappy gekonsolideer vanaf 1 April 2002. Verwys Bylaag A.
\# Nie 'n geassosieerde maatskappy nie.
VK – Verenigde Koninkryk
VSA – Verenigde State van Amerika

Besonderhede van beleggings wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die besigheid van die groep nie, word nie aangetoon nie.

BYLAAG C

BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE – ADDISIONELE INLIGTING

	RAB Beherend (Finansiële dienste) 2003	FirstRand (Finansiële dienste) 2003	Absa (Finansiële dienste) 2003	R&R (Tabakbelange) 2003
Effektiewe belang	23.1%	9.6%	9.4%	33⅓%
	R miljoen	**R miljoen**	**R miljoen**	**R miljoen**
Drawaarde van beleggings na die uitskakeling van klandisiewaarde	2 424	1 894	1 589	9 342
Deel van behoue ekwiteitsinkomste				
– Huidige jaar	89	137	144	1 846
Normale inkomste	371	423	327	2 423
Dividende	(132)	(164)	(75)	(1 277)
Uitsonderlike items en klandisiewaarde amortisasie	(58)	(35)	(8)	2 993
Ander reserwe- en wisselkoersbewegings	(92)	(87)	(100)	(2 293)
– Kumulatief	387	532	1 349	9 343

Opgesomde finansiële inligting:	Per tussenverslag 31/12/2002	Per tussenverslag 31/12/2002	Per jaarverslag 31/03/2003	Per jaarverslag 31/03/2003
				Nota 1
Balansstaat				
Bates				
Netto versekeringsverwante bates	–	3 574	–	–
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	242	28 352	(2 216)	–
Ontasbare bates	3 478	672	187	78 047
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	23	1 631	20 866	32 503
Beleggings en lenings	7 202	3 465	3 956	10 243
Netto bedryfsbates/(-laste)	–	(10 012)	–	13 690
	10 945	27 682	22 793	134 483
Ekwiteit en laste				
Aandeelhouersfondse en langtermynskuld	10 945	27 682	22 793	134 483

	12 maande geëindig 31/12/2002	12 maande geëindig 31/12/2002	12 maande geëindig 31/03/2003	12 maande geëindig 31/03/2003
				Nota 2
Inkomstestaat				
Wesensverdienste	1 608	4 486	3 441	7 268
Netto wins vir die jaar	1 354	4 111	3 391	16 249
Dividende betaal	528	1 552	801	3 830

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: In die geouditeerde balansstaat van R&R word sy belang in British American Tobacco Plc (BAT) slegs as 'n enkele item getoon wat die drawaarde daarvan as 'n geëkwiteerde geassosieerde maatskappy verteenwoordig. Om meer betekenisvolle inligting te openbaar, word BAT se verkorte balansstaat eerder hierbo aangebied. Hierdie balansstaat is soos op 31 Desember aangesien BAT nie 'n balansstaat in sy kwartaalverslag tot 31 Maart ingesluit het nie.

Nota 2: Wesensverdienste en netto wins vir die jaar het betrekking op die inkomstestaat van R&R wat sy belang in die netto inkomste van BAT insluit.

BYLAAG C

BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE – ADDISIONELE INLIGTING

	RAB Beherend (Finansiële dienste) 2002	FirstRand (Finansiële dienste) 2002	Absa (Finansiële dienste) 2002	R&R (Tabakbelange) 2002
Effektiewe belang	23.1%	9.3%	9.4%	33 1/3%
	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen
Drawaarde van beleggings na die uitskakeling van klandisiewaarde	2 335	1 707	1 445	7 497
Deel van behoue ekwiteitsinkomste				
– Huidige jaar	298	395	108	2 754
Normale inkomste	383	439	179	2 088
Dividende	(105)	(132)	(77)	(850)
Uitsonderlike items en klandisiewaarde amortisasie	(58)	(12)	(19)	(279)
Ander reserwe- en wisselkoersbewegings	78	100	25	1 795
– Kumulatief	298	395	1 205	7 497

Opgesomde finansiële inligting:	Per tussenverslag 31/12/2001	Per tussenverslag 31/12/2001	Per jaarverslag 31/03/2002	Per jaarverslag 31/03/2002
				Nota 1
Balansstaat				
Bates				
Netto versekeringsverwante bates	–	3 198	–	–
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	147	27 901	1 241	–
Ontasbare bates	3 691	1 350	66	106 082
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	17	1 021	14 601	43 399
Beleggings en lenings	6 348	2 258	3 972	12 738
Netto bedryfsbates/(-laste)	–	(10 826)	–	19 819
	10 203	24 902	19 880	182 038
Ekwiteit en laste				
Aandeelhouersfondse en langtermynskuld	10 203	24 902	19 880	182 038
	12 maande geëindig 31/12/2001	12 maande geëindig 31/12/2001	12 maande geëindig 31/03/2002	12 maande geëindig 31/03/2002
				Nota 2
Inkomstestaat				
Wesensverdienste	1 661	4 691	1 888	6 264
Netto wins vir die jaar	1 410	4 575	1 686	5 427
Dividende betaal	616	1 293	810	2 550

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: In die geouditeerde balansstaat van R&R word sy belang in British American Tobacco Plc (BAT) slegs as 'n enkele item getoon wat die drawaarde daarvan as 'n geëkwiteerde geassosieerde maatskappy verteenwoordig. Om meer betekenisvolle inligting te openbaar, word BAT se verkorte balansstaat eerder hierbo aangebied. Hierdie balansstaat is soos op 31 Desember aangesien BAT nie 'n balansstaat in sy kwartaalverslag tot 31 Maart ingesluit het nie.

Nota 2: Wesensverdienste en netto wins vir die jaar het betrekking op die inkomstestaat van R&R wat sy belang in die netto inkomste van BAT insluit.

BYLAAG D

INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

	Handels-merk-belange R miljoen	Finansiële dienste R miljoen	Nywerheids-belange R miljoen	Myn-belange R miljoen	Korporatiewe finansies en ander belange R miljoen	GEKON-SOLIDEERD 2003 Totaal R miljoen
SAKESEGMENTONTLEDING						
Omset	1 321	376	6 107	145	3 263	11 212
Bedryfswins	*	2	559	2	654	1 217
Amortisasie van klandisiewaarde						(166)
Waardedaling van bates						(24)
Uitsonderlike items						1 245
						2 272
Belasting						(302)
Wins na belasting van die maatskappy en sy filiale						1 970
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye						7 262
Wins uit normale bedrywighede	2 510	1 121	454	317	19	4 421
Amortisasie van klandisiewaarde						(308)
Waardedaling van bates						(63)
Uitsonderlike items						3 212
Groepwins na belasting						9 232
Minderheidsbelang						(488)
Netto wins vir die jaar						8 744
Wesensverdienste	2 498	1 121	696	322	277	4 914
ANDER INLIGTING						
Segmentbates	1	2 828	4 362	–	3 938	11 129
Beleggings in geassosieerde maatskappye	10 001	5 908	3 025	867	43	19 844
						30 973
Belasting – Uitgestel						84
– Lopend						19
Gekonsolideerde totale bates						31 076
Segmentlaste	1	*	836	*	588	1 425
Belasting – Uitgestel						115
– Lopend						144
Gekonsolideerde totale laste						1 684
Toevoegings van eiendom, aanleg en toerusting	–	–	206	–	182	388
Waardevermindering en amortisasie	211	216	182	–	77	686

** Bedrag kleiner as R500 000*

Die belange van die groep word in vyf hoofbedryfsafdelings/sakesegmente ingedeel – handelsmerkbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatiewe finansies/ander belange. Elke segment verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een segment bedrywig is maar ook belange in 'n ander segment het nie.

Inkomste en uitgawes asook die toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappye is direk aan segmente toeskryfbaar.

Segmentbates sluit hoofsaaklik kontant en kontantekwivalente, handels- en ander debiteure, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en ander beleggings in. Beleggings in geassosieerde maatskappye, volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, word apart getoon.

Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in, behalwe vir belasting.

GEOGRAFIESE SEGMENTONTLEDING

Die groep se belange kan in twee hoof geografiese gebiede ingedeel word, naamlik Suid-Afrika en die buiteland.

	Omset 2003 R miljoen	Wesens-verdienste 2003 R miljoen	Totale bates 2003 R miljoen
Suid-Afrika	9 935	2 491	21 629
Buiteland	1 277	2 423	9 344
	11 212	4 914	30 973

Totale bates hierbo sluit bates en beleggings in geassosieerde maatskappye in, maar nie uitgestelde belastingbates en belasting vooruitbetaal nie.

BYLAAG D

INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2002

	Handelsmerk-belange R miljoen	Finansiële dienste R miljoen	Nywerheids-belange R miljoen	Myn-belange R miljoen	Korporatiewe finansies en ander belange R miljoen	GEKONSOLIDEERD 2002 Totaal R miljoen
SAKESEGMENTONTLEDING						
Omset	895	339	6 849	96	262	8 441
Bedryfswins	–	2	590	1	141	734
Amortisasie van klandisiewaarde						(138)
Uitsonderlike items						(20)
						576
Belasting						172
Wins na belasting van die maatskappy en sy filiale						404
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye						3 255
Wins uit normale bedrywighede	2 168	944	305	306	158	3 881
Amortisasie van klandisiewaarde						(276)
Uitsonderlike items						(350)
Groepwins na belasting						3 659
Minderheidsbelang						151
Netto wins vir die jaar						3 508
Wesensverdienste	2 167	958	570	306	251	4 252
ANDER INLIGTING						
Segmentbates	1	2 735	4 286	32	2 273	9 327
Beleggings in geassosieerde maatskappye	8 116	5 487	2 110	716	555	16 984
						26 311
Belasting – Uitgestel						17
– Lopend						5
Gekonsolideerde totale bates						26 333
Segmentlaste	–	–	1 157	–	9	1 166
Belasting – Uitgestel						129
– Lopend						47
Gekonsolideerde totale laste						1 342
Toevoegings van eiendom, aanleg en toerusting	–	–	185	–	–	185
Waardevermindering en amortisasie	214	194	200	–	–	608

Die belange van die groep word in vyf hoofbedryfsafdelings/sakesegmente ingedeel – handelsmerkbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatiewe finansies/ander belange. Elke segment verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een segment bedrywig is maar ook belange in 'n ander segment het nie.

Inkomste en uitgawes asook die toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappye is direk aan segmente toeskryfbaar.

Segmentbates sluit hoofsaaklik kontant en kontantekwivalente, handels- en ander debiteure, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en ander beleggings in. Beleggings in geassosieerde maatskappye, volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, word apart getoon.

Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in, behalwe vir belasting.

GEOGRAFIESE SEGMENTONTLEDING

Die groep se belange kan in twee hoof geografiese gebiede ingedeel word, naamlik Suid-Afrika en die buiteland.

	Omset 2002 R miljoen	Wesens-verdienste 2002 R miljoen	Totale bates 2002 R miljoen
Suid-Afrika	6 347	2 164	18 813
Buiteland	2 094	2 088	7 498
	8 441	4 252	26 311

Totale bates hierbo sluit bates en beleggings in geassosieerde maatskappye in, maar nie uitgestelde belastingbates en belasting vooruitbetaal nie.

ADMINISTRASIE

Sekretaris
M Lubbe (Mev)

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou
Quantumstraat
Tegnopark
Stellenbosch
7600

Posbus 456
Stellenbosch
7599

Oordragsekretarisse
Computershare Investor Services Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg
2001

Posbus 61051
Marshalltown
2107

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ing.
Stellenbosch

Notering
JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika
Sektor: Finansieel – Beleggingsmaatskappye

American depositary receipt (ADR) program
Cusip nommer 75956M107
ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris:
The Bank of New York
620 Avenue of the Americas
New York NY 10011

Borg
Rand Aksepbank Korporatiewe Finansiering

Webwerf
www.remgro.com

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

Die 2003 algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Dinsdag, 26 Augustus 2003, om 15:30 in die Vergelegen Kamer, Die Lord Charles Hotel, hoek van Faure- en Stellenboschweg, Somerset-Wes gehou word om die volgende besluite te oorweeg en, indien goedgevind, dit met of sonder wysiging aan te neem:

1. GOEDKEURING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Gewone besluit nommer 1

Besluit dat die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2003 aanvaar en goedgekeur word.

2. GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING

Gewone besluit nommer 2

Besluit dat die gesamentlike vergoeding ten bedrae van R900 420 vir die dienste van nie-uitvoerende direkteure vir die jaar geëindig 31 Maart 2003 goedgekeur word.

3. VERKIESING VAN DIREKTEURE

Gewone besluit nommer 3

Besluit dat mnre D M Falck, J F Mouton, F Robertson, J P Rupert en P G Steyn wat kragtens klousule 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteure aftree en hulself herkiesbaar gestel het, as direkteure van die maatskappy heraangestel word.

4. GOEDKEURING VIR DIE PLASING VAN AANDELE ONDER BEHEER VAN DIE DIREKTEURE

Gewone besluit nommer 4

Besluit dat die gewone aandele van een sent elk en die B-aandele van tien sent elk in die gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy hiermee onder beheer van die direksie geplaas word as 'n algemene magtiging kragtens Artikel 221(2) van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die Maatskappywet") en die noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika ("die noteringsvereistes"), tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy en dat die direksie sodanige aandele mag toewys en uitreik aan sodanige persone as wat hulle goeddink.

5. GOEDKEURING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

Spesiale besluit nommer 1

Besluit dat daar hiermee aan die direkteure van die maatskappy goedkeuring in die vorm van 'n algemene magtiging verleen word om die koop van sy eie aandele deur die maatskappy goed te keur en om die koop van aandele in die maatskappy deur enige filiaalmaatskappy van die maatskappy goed te keur op voorwaarde:

- dat hierdie magtiging nie langer nie as 15 maande strek vanaf die datum van hierdie vergadering of die datum van die volgende algemene jaarvergadering, welke ook al die vroegste is;
- dat die aandele in die ope mark gekoop word soos gedefinieer deur die JSE;
- dat 'n betaalde persverklaring, wat sodanige besonderhede verskaf soos vereis word ingevolge die noteringsvereistes, gepubliseer word wanneer die maatskappy of filiale van die maatskappy kumulatief 3% van die uitgereikte aandele teruggekoop het, soos op die tyd wat goedkeuring verleen is;
- dat die algemene magtiging om aandele terug te koop nie 20% van die uitgereikte aandelekapitaal soos op die tydstip waarop hierdie goedkeuring verleen word, mag oorskry nie, gegewe dat die verkryging van aandele as tesourie-voorraad deur 'n filiaal van die maatskappy nie 10% van die maatskappy se uitgereikte aandele mag oorskry nie;
- dat terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 10% bokant die geweegde gemiddelde markwaarde van die sekuriteite vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum waarop die transaksie goedgekeur is, is nie; en

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

- dat sodanige terugkope onderhewig is aan die Maatskappywet en die noteringsvereistes.

Dit is die voorneme van die direksie dat hulle hierdie magtiging mag gebruik indien heersende omstandighede (met inagneming van die belastingbedeling en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Die direkteure onderneem dat hulle nie enige sodanige terugkope sal onderneem in die tydperk van die algemene magtiging nie tensy:

- die maatskappy en sy filiaalmaatskappye in staat sal wees om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig raak;

- die gekonsolideerde bates van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye, billik gewaardeer ooreenkomstig die rekeningkundige beleid gebruik in die laaste finansiële state en volgens die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, meer sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye;

- die maatskappy en sy filiaalmaatskappye oor voldoende aandelekapitaal en reserwes beskik;

- die bedryfskapitaal van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye voldoende is vir sy behoeftes; en

- die maatskappy se borg 'n brief aan die JSE oor die toereikendheid van die bedryfskapitaal kragtens klousule 2.14 van die noteringsvereistes verskaf.

Rede vir en effek van die spesiale besluit
Die rede vir en die effek van hierdie spesiale besluit is om aan die direkteure van die maatskappy, tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering, algemene magtiging te verleen om die terugkoop van aandele in die maatskappy en die terugkoop van aandele in die maatskappy deur 'n filiaal van die maatskappy, te magtig.

En om enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Aandeelhouers wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hulle aandele gedematerialiseer het en dit in hul eie naam geregistreer het, is geregtig om die vergadering by te woon, te stem en het die reg om 'n gevolmagtigde en/of gevolmagtigdes te benoem om die vergadering in sy of haar plek by te woon en te praat en by 'n stemming met stembriefies te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie. Volmagvorms moet die geregisteerde kantoor van die maatskappy of aan die oordragsekretarisse van die maatskappy gestuur word om hulle te bereik teen nie later nie as Vrydag, 22 Augustus 2003, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd).

Aandeelhouers wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in eie naam geregistreer is in die maatskappy se subregister nie, moet hulle sentrale effektebewaarnemer-deelnemer ("CSDP") of makelaar kontak op die wyse en tyd soos gespesifiseer in hulle kontrak, om:

- hulle CSDP of makelaar van stemopdragte te voorsien; en
- om die nodige toestemming te reël, sou 'n aandeelhouer die algemene jaarvergadering van die maatskappy wou bywoon.

In opdrag van die raad van direkteure.

M Lubbe
Sekretaris

Stellenbosch
24 Junie 2003

VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

GEWONE BESLUITE

1. **Goedkeuring van finansiële jaarstate**
   Kragtens die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die Maatskappywet"), is direkteure verplig om aan die lede van die maatskappy die finansiële jaarstate en die finansiële jaarstate van die groep by die algemene jaarvergadering vir goedkeuring voor te lê.

2. **Goedkeuring van direkteure se vergoeding**
   Kragtens die statute van die maatskappy moet die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure by die maatskappy se algemene jaarvergadering vasgestel word.

3. **Verkiesing van direkteure**
   Kragtens die statute van die maatskappy tree een derde van die direkteure of, indien hulle nie 'n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan 'n derde, maar nie minder nie as 'n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. Direkteure mag hulself vir 'n verdere termyn herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsye 6 en 7.

4. **Goedkeuring vir die plasing van aandele onder beheer van die direkteure**
   Kragtens die Maatskappywet moet lede van die maatskappy die plasing van aandele onder die beheer van die direkteure goedkeur. Die bestaande goedkeuring verval by die eerskomende algemene jaarvergadering tensy dit hernu word.

SPESIALE BESLUIT

5. **Goedkeuring vir die terugkoop van aandele**
   Die jaarlikse hernuwing van die goedkeuring word deur die Maatskappywet en die JSE se noteringsvereistes vereis. Die bestaande goedkeuring aan die direkteure verval by die eerskomende algemene jaarvergadering tensy dit hernu word.

RIGLYNE

VIR DIE GEBRUIK VAN DIE VOLMAGVORM EN DIE STEMOPDRAGVORM

1. Remgro aandeelhouers wat nog nie hul Remgro gewone aandele gedematerialiseer het nie

1.1 Indien u Remgro gewone aandele nog nie gedematerialiseer is nie, met ander woorde indien u steeds in besit is van 'n Remgro aandelesertifikaat, moet u slegs die volmagvorm voltooi indien u 'n gevolmagtigde wil benoem om die algemene jaarvergadering namens u by te woon en daar te praat en te stem.

1.2 Indien u van voornemens is om die algemene jaarvergadering persoonlik by te woon, of indien u nie van plan is om by sodanige vergadering te stem nie, hoef u nie die volmagvorm te voltooi nie.

1.3 U hoef onder geen omstandighede die stemopdragvorm te voltooi nie.

2. Remgro aandeelhouers wie se Remgro gewone aandele reeds gedematerialiseer is

2.1 Indien u Remgro gewone aandele reeds gedematerialiseer is, met ander woorde indien u nie meer in besit van 'n Remgro aandelesertifikaat is nie, sal u besluit oor watter vorm u behoort in te vul, afhang van die vraag of u gedematerialiseerde Remgro gewone aandele in Remgro se elektroniese subregister van lede –

2.1.1 in u eie naam (sogenaamde "eie naam registrasie"); of

2.1.2 in die naam van u sentrale effektebewaarnemer-deelnemer ("CSDP"), makelaar of Computershare Custodial Services Beperk in sy hoedanigheid as die uitreiker-geborgde genomineerde ("Computershare"), geregistreer is.

2.2 In geval van eie naam registrasie moet u slegs die volmagvorm voltooi indien u 'n gevolmagtigde wil benoem om die algemene jaarvergadering namens u by te woon en daar te praat en te stem. Indien u van voornemens is om die algemene jaarvergadering self by te woon, of indien u nie van plan is om by die algemene jaarvergadering te stem nie, hoef u nie die volmagvorm te voltooi nie. U hoef onder geen omstandighede die stemopdragvorm te voltooi nie.

2.3 Indien u gedematerialiseerde Remgro gewone aandele in Remgro se elektroniese subregister van lede in die naam van u CSDP, makelaar of Computershare geregistreer is en u by die algemene jaarvergadering wil stem, maar nie sodanige vergadering persoonlik kan of wil bywoon nie, moet u die stemopdragvorm voltooi. Indien u van voornemens is om die algemene jaarvergadering persoonlik by te woon, moet u 'n skriftelike versoek aan u aangewese CSDP, makelaar of Computershare rig om u van die nodige magtiging in die verband te voorsien. U hoef onder geen omstandighede die volmagvorm te voltooi nie.

3. Sien asseblief die volmagvorm en die stemopdragvorm vir omvattende instruksies aangaande die voltooiing van dié vorms.

Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("die maatskappy")

VOLMAGVORM

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

HIERDIE VORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:

1. **GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN**

2. **GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN EIE NAAM GEREGISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE SUBREGISTER.***

*** Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan**

Vir gebruik deur bogenoemde geregistreerde aandeelhouers wat gewone aandele van die maatskappy hou ("lid") en welke lid nie die 2003 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Dinsdag, 26 Augustus 2003 om 15:30 in die Vergelegen Kamer, Die Lord Charles Hotel, hoek van Faure- en Stellenboschweg, Somerset-Wes gehou word ("die algemene jaarvergadering") in persoon kan bywoon nie.

Ek/Ons _____

die eienaar/s van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan (verwys na aantekening 1 op die keersy)

1. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,

2. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,

3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering, as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons die algemene jaarvergadering van die maatskappy by te woon en daar, of by enige verdaging daarvan, namens en ten behoewe van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

	Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel).		
Gewone besluite	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Goedkeuring van direkteure se vergoeding			
3. Verkiesing van direkteure			
3.1 Mnr D M Falck			
3.2 Mnr J F Mouton			
3.3 Mnr F Robertson			
3.4 Mnr J P Rupert			
3.5 Mnr P G Steyn			
4. Goedkeuring vir die plasing van aandele onder die beheer van die direkteure			
Spesiale besluit			
5. Goedkeuring vir terugkoop van aandele			

Geteken te _____ op _____ 2003

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____
(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en aanwysings op die keersy hiervan.

Aantekeninge:

1. 'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2. Elke lid persoonlik, of by wyse van volmag, teenwoordig en geregtig om te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy, het slegs een stem by die opsteek van hande, ongeag die aantal aandele gehou deur so 'n lid. Wanneer per stembrief gestem word, is elke lid egter geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.

3. Eie naam geregistreerde lede is lede wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Custodial Services of Mercantile Bank aangestel het as hul Sentrale Effekte Bewaardeelnemer ("CSDP") met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele in **hulle eie naam** in die elektroniese subregister van lede geregistreer moet word.

Aanwysings vir die ondertekening en inlewering van volmag:

1. 'n Lid mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deurhaling van "die voorsitter van die algemene jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie/s vakant gelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering. Die naam van die persoon wat eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene jaarvergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.

2. 'n Lid moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X", of die aantal stemme wat die lid wil uitoefen in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene jaarvergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die lid geregtig is. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die lid of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.

3. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensy dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die oordragsekretarisse aangeteken is.

4. Ten einde geldig te wees moet voltooide volmagvorms ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretarisse, Computershare Investor Services Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretarisse by Posbus 61051, Marshalltown 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Vrydag, 22 Augustus 2003, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

5. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensy dit reeds by die oordragsekretarisse ingelewer en aangeteken is, of die voorsitter van die algemene jaarvergadering daarvan afstand gedoen het.

6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die lid belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene jaarvergadering by te woon en self daar te praat en te stem in plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.

7. Geen parawe is nodig wanneer lede blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.

8. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is dat die lid se wense ten opsigte van die uitoefening van sy stemme, nagekom word.

Remgro Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("die maatskappy")

STEMOPDRAGVORM

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2003

HIERDIE VORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR LEDE WAT REEDS HUL REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET, MAAR NIE IN EIE NAAM GEREGISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE SUBREGISTER NIE. *

*** Sien verduidelikende nota 1 op die keersy hiervan**

Vir gebruik in verband met die 2003 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Dinsdag, 26 Augustus 2003, om 15:30 in die Vergelegen Kamer, Die Lord Charles Hotel, hoek van Faure- en Stellenboschweg, Somerset-Wes gehou word ("die algemene jaarvergadering").

Lede wat reeds hul Remgro Beperk gewone aandele gedematerialiseer het, mag hierdie vorm gebruik ten einde hul sentrale effektebewaarnemer-deelnemer ("CSDP") of makelaar van hul stemopdrag ten opsigte van die voorgestelde besluite te verwittig deur die gepaste ruimtes hieronder in te vul. Indien lede persoonlik die algemene jaarvergadering wil bywoon, sal hulle hul CSDP of makelaar moet versoek om hulle van die nodige volmag in dié verband te voorsien.

Ek/Ons _____

as 'n lid of lede wie se Remgro Beperk gewone aandele gedematerialiseer is, dui hiermee in die ruimtes voorsien aan hoe my/ons CSDP/makelaar my/ons stemopdrag ten opsigte van die besluite wat voorgestel staan te word by die algemene jaarvergadering en enige verdaging daarvan moet uitvoer.

	Vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel)		
Gewone besluite	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Goedkeuring van direkteure se vergoeding			
3. Verkiesing van direkteure			
3.1 Mnr D M Falck			
3.2 Mnr J F Mouton			
3.3 Mnr F Robertson			
3.4 Mnr J P Rupert			
3.5 Mnr P G Steyn			
4. Goedkeuring vir die plasing van aandele onder die beheer van die direkteure			
Spesiale besluit			
5. Goedkeuring vir terugkoop van aandele			

Geteken te _____ op _____ 2003

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____
(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge op die keersy hiervan.

Aantekeninge:

1. Lede wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Custodial Services aangestel het as hul CSDP met die uitdruklike instrukies dat hul ongesertifiseerde aandele in hulle eie naam in die elektroniese subregister van lede geregistreer moet word, moet die volmagvorm voltooi.

2. Dui asseblief in die gepaste ruimtes hierbo die aantal stemme wat uitgeoefen moet word aan. Elke gewone aandeel dra die reg om een stem uit te bring.

3. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme uit te bring of op dieselfde wyse uit te bring nie, maar die totale aantal stemme wat uitgebring word, insluitend stemme ten opsigte waarvan buite stemming gebly word, mag egter nie die totale aantal stemme wat uitgeoefen mag word oorskry nie.

4. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie stemopdragvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.

5. In gevalle waar aandele gesamentlik gehou word, mag enige van sodanige aandeelhouers hierdie stemopdragvorm onderteken.

6. Voltooide stemopdragvorms moet aan die CSDP of makelaar deur wie die gewone aandele gedematerialiseer is gestuur word. Lede moet hul CSDP of makelaar kontak ten einde die afsluitingsdatum vir die indiening van die stemopdragvorm vas te stel.